# HOOFSTUK 1

# TERREINAFBAKENING EN BEGRONDING

## 1.1 Inleiding

Die doel van hierdie hoofstuk is om die belang en aard van die studie aan te toon en sekere belangrike werkwyses, riglyne en begrensing vir die studie vas te stel.

## 1.2 Motivering vir studie

Vanuit eie waarneming asook gesprekke met predikante blyk daar ’n tendens te wees dat vroeë volwasse lidmate se kerklike betrokkenheid geensins na wense is nie.

In dieselfde trant beweer Hanekom en Hendriks dat te veel jongmense feitlik onmiddellik na belydenisaflegging van die kerktoneel verdwyn (Hanekom & Hendriks 1996:642). Osmer bevestig dit wanneer hy sê dat die meeste dopelinge gedurende die tienderjare die kerk verlaat (Osmer 1996:12).

Hierdie tendens is net die teendeeel van wat na belydenisaflegging verwag word. Kategese wat belydenisaflegging voorafgaan, het immers ten doel om katkisante te begelei tot geloofsvolwassenheid in hulle verhouding met God. Geloofsvolwassenheid hou onder meer in dat elke lidmaat sal deel in die voorregte van lidmaatskap, naamlik die aanbidding van God, die gebruik van die sakramente en aktiewe dienslewering in belang van die gemeente en die koninkryk van God. Kategese mag dus nie passiewe lidmate kweek nie (Snyman 1991:136).

Die realiteit van kerklike onbetrokkenheid na belydenisaflegging blyk die teendeel te bewys van wat met kategese beoog word.

Hersey voer aan dat vroeë volwassenes se houding teenoor die kerk dikwels deur hul afwesigheid gedemonstreer word (Hersey 1992:25).

Statistiese gegewens toon dat kerklike onbetrokkenheid in die jongste tyd 'n al groter wordende probleem is. Volgens Philip Richter en Leslie J Francis (1998:12) verlaat 15 000 mense per week Britse kerke. Dit sluit nie mense in wat sterf of van een kerk na 'n ander kerk oorgaan nie (die sogenaamde "church hoppers").

In Suider-Afrika is dieselfde tendens aan die ontwikkel.. Van 1985-1993 het lidmaatgetalle in die grootste Afrikaanse "wit" kerk met 150 000 afgeneem. Die gemiddelde erediensbywoning is 36%, terwyl die aanddienste deur ongeveer 9,5% lidmate bygewoon word. 'n Ondersoek deur *Market Research Africa* in opdrag van *Business Day* (*Die Burger:* 18 Februarie 1998) het aangedui dat 71% van mense bo 50 gereeld kerk toe gaan teenoor slegs 58% tussen 24 en 34 jaar (Nel 2003: 18).

Wat die jeug en dus ook die vroeë volwassene betref, word dit ook duidelik dat die oorgrote meerderheid nie veel erg aan die kerk het nie. Coenie Burger (1999:1) beweer ook dat daar 'n steeds groter wordende groep mense is wat beweer dat hulle die geloof in God en Christus wel sinvol vind, maar hulle nie kan vereenselwig met die institusionele kerk nie. Die vroeë volwassenes van ons tyd, is wel op soek na godsdienstige ervarings en na God, maar die bestaande kerke is volgens hulle van die laaste plekke waar hulle sal gaan soek.

Uit hierdie kort literatuuroorsig is dit dus duidelik dat daar feitlik oral in die Westerse wêreld onder die jeug 'n afname is wat belangstelling in die kerk betref.

## 1.3 Navorsingsprobleem

By verskeie kerklike geleenthede (eredienste, bidure, ensovoorts.) word daar ’n oproep gedoen tot meer betrokkenheid van die jonger mense in die gemeente. Jaarliks lê daar groot groepe jongmense belydenis van geloof af, maar net binne die volgende maand woon baie van hulle nie meer die eredienste by nie. Daar blyk ook baie min van die jong lidmate by kerklike verenigings of organisasies aan te sluit. Dit wil voorkom asof die meeste jong lidmate heeltemal van die kerktoneel verdwyn. Dit is, soos aangedui, presies die teenoorgestelde van wat met kategese en lidmaatskap beoog word.

Hierdie studie is ’n poging om vas te stel wat die omvang van en redes vir hierdie verskynsel, naamlik die vroeë volwasse lidmate se kerklike onbetrokkenheid, in ’n sekere geografiese area is, ten einde riglyne neer te lê vir kerklike bediening aan hierdie spesifieke groep as deel van die totale gemeentelike bediening.

## 1.4 Navorsingsdoelstellings

Eerstens beoog die studie om ’n betroubare aanduiding te gee of die tendens van kerklike onbetrokkenheid van vroeë volwasse lidmate in die spesifieke gebied aanwesig is of nie. Indien die probleem wel bestaan, sal die studie ook ’n goeie aanduiding gee van die omvang van die probleem.

Tweedens word beoog om moontlike redes (of faktore wat ’n rol speel) vir kerklike onbetrokkenheid van die vroeë volwassenes uit te wys en te bespreek.

Derdens sal daar gepoog word om die unieke bedieningsbehoeftes van die vroeë volwassene vas te stel, ten einde gemeentes daarvan bewus te maak.

Vierdens gaan daar gepoog word om riglyne te formuleer vir plaaslike gemeentes se bediening aan vroeë volwasse lidmate.

## 1.5 Begrensing

Die studie gaan net in ’n bepaalde geografiese gebied gedoen word, naamlik in die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK) se Ring van Wellington. Die resultate van statistieke wat in die studie verstrek word met betrekking tot die kerklike betrokkenheid van vroeë volwassenes kan dus nie sonder meer veralgemeen word as verteenwoordigend van die VGK as geheel nie.

Alhoewel die navorser oortuig is dat die statistieke ’n redelik akkurate beeld gee aangaande die groep mense wat vir die studie geïdentifiseer is, moet daarteen gewaak word om uit die statistiese gegewens afleidings te maak wat veralgemeen word. Ons het hier te make met ’n groep wat redelik streng afgebaken is ten opsigte van ouderdom en geografiese gebied.

Die studie word verder begrens deur die feit dat daar te veel moontlike redes vir kerklike onbetrokkenheid van die vroeë volwassene mag wees om in ’n verhandeling van beperkte omvang uit te wys en breedvoerig te bespreek. ’n Seleksie sal dus noodwendig gemaak moet word.

Daar gaan slegs gefokus word op lidmate, met ander woorde persone wat die een of ander tyd in ’n gemeente belydenis van geloof afgelê het.

## 1.6 Begripsomskrywing

In hierdie studie word aandag gegee aan die kerklike onbetrokkenheid van die vroeë volwassene, moontlike redes daarvoor, asook riglyne hoe hierdie groep binne die plaaslike gemeente bedien kan word.

Vroeë volwassenes

Beide Levinson en Sheehy verwys na die stadium tussen 18 en 35 jaar as die vroeë volwasse jare (Hersey 1986:22). Die afbakening van die vroeë volwassene wat Robert Gribbon gee (1993:3) stem hiermee presies ooreen.

Lidmaat

Die term verwys na persone wat op grond van hulle geloof in Jesus Christus belydenis van geloof afgelê het in die teenwoordigheid van die gemeente (Kerkorde van die VGK 2002:2).

Kerk

Hiermee word sowel na die universele kerk asook na ’n spesifieke denominasie in ’n land, byvoorbeeld die Verenigende Gereformeerde Kerk, verwys (Nel 1982:13).

Gemeente

Die term verwys na die plaaslike gemeente wat ook volledig kerk is (Nel 1982:13).

Kerklike meelewing/betrokkenheid

Die begrip verwys in die studie na betrokkenheid deur:

* Diens op die bestuur van kommissies of organisasies soos die Sondagskool, Kinderbond, Brigade, kategese, en andere;

* diens in die leierskap of ampte van die kerk, byvoorbeeld die kerkraad;

* lidmaatskap en bywoning van verenigings, byvoorbeeld die Vrouediens waaraan elke vrouelidmaat outomaties behoort;

*	bywoning van kerklike byeenkomste, naamlik eredienste, gemeentebidure, Pinksterbidure, week van gebed en Bybelstudiegroepe.

Ontwikkelingstaak

Dit verwys na ’n taak wat op ’n sekere tydstip in die lewe van ’n individu bemeester moet word. Die suksesvolle voltooiing van die taak lei tot suksesvolle voltooiing van die daaropvolgende ontwikkelingstake.

Samelewingskonteks

Die term verwys na gebeure op makro-, meso- en mikrovlak wat ’n invloed het op die individu asook op die kerk as instelling, byvoorbeeld globalisering, modernisme, postmodernisme en materialisme.

Generasie X

Die term verwys na vroeë volwassenes van ons tyd.

## 1.7 Navorsingstrategie

Die navorsing word verkennend gedoen aan die hand van bestaande toepaslike literatuur en ’n empiriese ondersoek. Voorkeur is aan resente bronne gegee; maar ter wille van volledigheid is minder resente bronne ook benut. Volgens Selltiz soos deur Mouton en Marais (1990:45) aangehaal, is twee van die metodes waardeur verkennende navorsing gedoen word:

1. Om ’n oorsig te gee van die bestaande toepaslike literatuur; en
2. om ’n opname te maak onder mense wat praktiese ervaring van die probleem het.

Albei metodes gaan in die studie gebruik word.

Verder word ook beskrywende navorsing gedoen, dit wil sê deur ’n in-diepte beskrywing te gee van die spesifieke groep (Mouton & Marais 1990:46).

### 1.7.1 Navorsingsontwerp

De Vos (1998:55-57) is van mening dat die keuse van ’n tema beïnvloed word deur die navorser se belangstelling in ’n bepaalde tema, die teoretiese ondersoek wat daarop volg, asook die formulering van ’n algemene hipotese in dié verband. Volgens Heyns en Pieterse (1994:82) hang die keuse van die tipe navorsingsontwerp saam met die feit of dit ’n geringe of ’n uitgebreide teorie is. Indien dit ’n geringe teorie is waar ons min kennis oor die saak het, lui die vraag dat ’n mens wil vasstel wat daar in feite aan die gang is in die praktyk. Hoe lyk die praktyk? In die geval van ’n geringe teorie sal die navorser se ontwerp die opname wees. Die kwalitatiewe metode waarin ’n mens deduktief te werk gaan, is dan die voor die hand liggende metode (Heyns & Pieterse 1994:82).

In die studie gaan dit om ’n geringe teorie en die vraag word gestel na die feitelike situasie van kerklike betrokkenheid van die vroeë volwasse lidmaat. Die kwalitatiewe navorsingsmetode waar daar induktief te werk gegaan word, sal dus in die studie gebruik word. Daar is dus geen hipotese nie, omdat ’n hipotese op reeds bestaande kennis bou. Nadat kennis opgedoen is oor die verskynsel kan daar met ’n navorsingsvermoede of ’n hipotese geëindig word.

### 1.7.2 Dataversamelingstegnieke

Daar word statistiese navorsing gedoen deur vraelyste (selfgeadministreer) wat deur predikante ingevul gaan word om die mate van kerklike betrokkenheid van vroeë volwasse lidmate soos in die begripsomskrywing bespreek, aan te toon.

Aanvullend word gestruktureerde onderhoude met predikante gevoer rakende die kerklike betrokkenheid van vroeë volwassenes in die onderskeie gemeentes, en

indien daar ’n groot mate van onbetrokkenheid van hierdie lidmate voorkom, hoe dit tans in die gemeente hanteer word.

Die metode wat dus gebruik gaan word, is dié van ’n empiriese opname, wat verwys na die versamel van inligting vanaf respondente met die oog op ontleding en die maak van gevolgtrekkings in die lig van die navorsingsprobleem.

Die vraelys het uit geslote vrae bestaan wat deur middel van kwantitatiewe metodes verwerk gaan word. Statistiese tegnieke gaan gebruik word om inligting te ontleed en gevolgtrekkings te maak.

In die onderhoudskedule is van oop vrae gebruik gemaak en die inligting wat deur die onderhoude verkry is, is deur middel van oop kodering verwerk. Die vraelyste sowel as die onderhoudskedule is vir voortoetsing deur twee persone voltooi wat nie deel van die steekproef was nie.

### 1.7.3 Eenheid van ontleding

Johan Mouton (2002:91) beklemtoon twee sleuteltake in die formulering van navorsingsprobleme: Eerstens die spesifisering van die eenheid van ontleding (die “wat” van die studie); en tweedens die verduideliking van die navorsingsoogmerk of die doel (die “hoekom” van die studie).

Die eenheid van ontleding verwys na die *wat* van jou studie: Watter objek, fenomeen, entiteit, proses, of gebeurtenis ondersoek word (Babbie & Mouton 2001:84). In hierdie studie is die eenheid van ontleding die vroeë volwasse lidmate in die VGK Ring van Wellington.

Die steekproefeenheid is die predikante van die betrokke gemeentes in die VGK Ring van Wellington.

Die eenheid van ontleding, naamlik die vroeë volwasse lidmate in die VGK Ring van Wellington, word verder beperk tot lidmate in die ouderdomsgroep van 25-29 jaar. Soos in die omskrywing van vroeë volwassenes aangedui, strek die lewenstadium van vroeë volwassenes vanaf ouderdom 18 tot 35 jaar. Om inligting te kry oor lidmate vanaf 18 tot 35 jaar sou egter om verskeie redes moeilik wees, onder andere omdat die meeste predikante nie so lank in gemeentes is nie en dus nie oor sulke rekords beskik nie.

Ten einde bostaande probleem te oorkom, fokus die vraelys net op inligting rakende lidmate tussen 25-29 jaar. Volgens statistieke is dit die gemiddelde ouderdom waarop mans sowel as vrouens in Suid-Afrika hulle eerste huwelik sluit (Statistics South Africa, 26 March 2003. Marriages and divorces 1999-2000:4).

## 1.8 Studie binne die vakgebied van Praktiese Teologie

### 1.8.1 <u>Praktiese teologie as vakgebied</u>

Praktiese teologie is 'n studieveld van teologie.

**Teologie** kan omskryf word as die wetenskaplike bestudering van mense se geloof in God en die mens se geloofsuitsprake oor God. In die teologie gaan dit om God. Teologie is die sistematiese geloofsbesinning onder streng wetenskaplike voorwaardes (Firet 1975:380). Teologie is geen intellektuele spel nie, maar staan in diens van die evangelie en in diens van die medemens. Hierdie in-diens-wees maak teologie nie onwetenskaplik nie. Die teologie beantwoord nie vrae met onkontroleerbare uitsprake nie. Trouens, teologie maak geen geloofsuitsprake nie. Teologie dink na oor, bespreek en kontroleer geloofsuitsprake (Heyns & Pieterse 1994:4).

Teologie het baie skakeringe. In die teologie word die Bybel bestudeer, die geloofsuitsprake van die kerk en mense ontleed, die kerk se getuienisaksie

bespreek, die geskiedenis van die kerk nagegaan en die geloofshandelinge in die gemeente beoordeel. Elk van die skakeringe vorm ’n eie studieveld.’n Studieveld is nie ’n gedeelte van die teologie nie, maar ’n bepaalde perspektief op die teologie as geheel (Heyns & Pieterse 1994:6).

Praktiese teologie is een van die studievelde van teologie, met ander woorde ’n bepaalde perspektief op die teologie as geheel. In die praktiese teologie word die geloofshandelinge van mense bestudeer. Praktiese teologie as ’n handelingswetenskap kan binne die paradigma van ’n kommunikatiewe handelingsteorie geplaas word. Dat die prakties teologiese handelinge in diens van die evangelie staan, verseker die teologiese gehalte van die praktiese teologie. Praktiese teologie is veral geïnteresseerd in die rol van die mens in die ontmoeting tussen God en mens (Heyns & Pieterse 1994:7-8). Praktiese teologie is ’n wetenskap omdat dit ’n eie studieveld het, prakties teologiese teorieë vorm en wetenskaplike metodes gebruik (Heyns & Pieterse 1994:11).

Dit gaan in hierdie vak spesifiek om die *kommunikasie* van die evangelie in verskillende situasies met verskillende handelinge soos prediking, viering van die heil in die erediens, pastorale sorg, kerklike onderrig, diens, gemeentebou, ensovoorts (Pieterse 1993:2).

Sodra geloofshandelinge soos prediking, onderrig, sorg, diens en viering voltrek word, skep dit ’n handelingsveld. Handelinge geskied dus binne ’n bepaalde ruimte (Heyns & Pieterse 1994:15). Een van die bekendste ruimtes waar die handelinge plaasvind, is die plaaslike gemeente. In hierdie studie gaan daarop gefokus word hoe die gemeente se kommunikatiewe handelinge funksioneer met betrekking tot die bediening aan die vroeë volwasse lidmaat.

### 1.8.2 Die gebruik van empiriese navorsingsmetodes in praktiese teologie

Volgens Van der Ven (1999:322) was die vraag oor metodologie in die praktiese teologie nog altyd onder die soeklig. Sommige beweer dat praktiese teologie geen metodologie het nie en ook nie hoef te hê nie. Ander is weer van mening dat metodologie nie as die alfa en omega van praktiese teologie beskou moet word nie, maar dat dit ’n belangrike voorwaarde is vir die vakgebied. Die navorser stem saam met die siening dat sonder ’n duidelike metodologie, praktiese teologie nie sy taak behoorlik kan vervul nie, naamlik refleksie oor die praktyk van mense in diens van die evangelie. In aansluiting hierby skryf Heitink (1999:265) dat praktiese teologie ’n empiries georïenteerde teorie is oor die bemiddeling van die Christelike tradisie in die praktyk van die moderne samelewing. Hy is van mening dat “empiries” nie in opposisie tot die begrip “hermeneuties” staan nie. Hulle staan volgens hom in lyn met mekaar. Die aard van die prakties-teologiese navorsing rakende die verhouding tussen teks en konteks is hermeneuties van aard, maar die ontwerp is empiries.

Hierdie prakties-teologiese studie is dus hermeneuties van aard omdat die navorsing gerig is op ’n proses van verstaan: Die verstaan van die kerklike onbetrokkenheid van vroeë volwasse lidmate, die moontlike redes hiervoor, asook riglyne vir die hantering hiervan deur die plaaslike gemeente. Dit vereis egter ’n empiriese ondersoek omdat prakties teologiese navorsing sy vertrekpunt neem in die werklike situasie van die kerk en die samelewing. Hierdie situasie moet verstaan word as ’n situasie van handelinge wat verduidelik word by wyse van empiriese navorsing en wat geïnterpreteer word by wyse van teologiese teorieë (Van der Ven 1999:266). Empiriese ondersoeke in die praktiese teologie is altyd gekoppel aan teologiese teorieë (Heyns &Pieterse 1993:79).

Die gebruik van empiriese navorsingsmetodologie is deel van die ontwikkeling (verbreding van die objek) in die vakgebied van praktiese teologie. Praktiese teologie het as gevolg van dié ontwikkeling nie meer uitsluitlik gekonsentreer op

die pastores en hulle verantwoordelikheid nie, maar die handelinge in diens van die evangelie van alle gelowiges ondersoek (Pieterse & Dreyer 1995:33).

### 1.8.3 Bydrae tot die vakgebied van praktiese teologie

Hierdie studie behoort om die volgende redes ’n bydrae tot die vakgebied van praktiese teologie te maak:

* Praktiese teologie is op die geloofspraxis van die kerk gerig en die studie gaan juis nadink oor die kerklike bdiening aan veral die vroeë volwasse lidmaat.

* In geloofshandelinge is daar gewoonlik ’n verskeidenheid teorieë teenwoordig. Die taak van die praktiese teologie is om die teorieë te identifiseer, te beoordeel, bestaande teorieë te wysig indien nodig, en nuwe teorieë te ontwikkel indien nodig. In hierdie studie gaan gepoog word om die teorieë onderliggend aan die huidige bediening aan die vroeë volwasse lidmaat krities te beoordeel en indien nodig nuwe teorieë te ontwikkel.

* Praktiese teologie wil op ’n sistematiese wyse aandag skenk aan die funksionering van die kerk (Heitink 1993:263). In hierdie studie gaan een van die ruimtes waar die geloofshandelinge uitgevoer word, naamlik die plaaslike gemeente, onder die soeklig geplaas word.

## 1.9 Aanbieding van die inhoud

Hoofstuk 1 dien as inleiding en uiteensetting van die probleemstelling, motivering vir die studie en die navorsingsplan, terwyl dit ook ’n begripsomskrywing bied van sleutelkonsepte wat geïdentifiseer is en die begrensing van die studie verduidelik.

Hoofstuk 2 bespreek bestaande literatuur oor die ontwikkeling en gepaardgaande behoeftes van die vroeë volwassenes. In hierdie hoofstuk gaan ook vanuit resente

bronne ’n oorsig gegee word oor die tendens van kerklike onbetrokkenheid en moontlike redes daarvoor.

In hoofstuk 3 word verslag gelewer van die resultate van die empiriese ondersoek. Die resultate van die ondersoek word geanaliseer en bespreek.

In hoofstuk 4 gaan gevolgtrekkings gemaak en aanbevelings en riglyne geformuleer word oor gemeentelike bediening aan die vroeë volwasse lidmaat.

# HOOFSTUK 2

# LITERATUURSTUDIE INSAKE KERKLIKE BETROKKENHEID VAN VROEË VOLWASSENES

## 2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word eerstens bestaande literatuur oor die ontwikkeling en gepaardgaande behoeftes van die vroeë volwassene bespreek (2.2-2.4). Tweedens word vanuit resente bronne ’n oorsig gegee van die tendens van kerklike onbetrokkenheid (2.5). Derdens word bepaalde kenmerke van die huidige generasie vroeë volwassenes bespreek (2.6). Ten slotte word moontlike redes vir kerklike onbetrokkenheid genoem en bespreek (2.7).

Volgens Hersey (1986:21) is dit noodsaaklik om die ontwikkeling van vroeë volwassenes te bestudeer alvorens hulle verstaan en dus bedien kan word. Sharon Parks (in Gribbon 1993:25) lê klem daarop dat geen fase van die ontwikkeling van die vroeë volwassene as blote “oorgang” gesien moet word nie, maar as unieke stadium van menslike lewe omdat dit die droom, visie of ideaal van alle lewe onderlê.

In ’n poging om ’n meer holistiese blik te bied op die ontwikkeling van vroeë volwassenes gaan die ontwikkeling van die vroeë volwassene bespreek word aan die hand van die volgende perspektiewe, naamlik die historiese perspektief, ontwikkelingsperspektief en geloofsontwikkelingsperspektief.

## 2.2 Historiese perspektief

Hiervolgens word mense gevorm deur die geskiedenis waarvan hulle deel uitmaak en veral die gebeure tydens hulle grootwordproses (Gribbon 1993:5).

Wat hierby aansluiting vind, is die **generasiemodel** soos beskryf deur Graeme Codrington (http: /tommorrow. biz/generations/ index. htm). Die **generasiemodel** is ’n teorie van sosiale geskiedenis wat veranderinge in publieke houdings verklaar. Hiervolgens het elke persoon ’n bepaalde waardesisteem wat ontwikkel deur jou hele lewe, maar hoofsaaklik gevorm word deur die eerste tien jaar van jou lewe. Die waardesisteem word gevorm deur jou familie, vriende, gemeenskap, betekenisvolle gebeure en die era waarin jy gebore is en grootword. Daar sal dus ooreenkomste wees in die waardesisteme van persone wat in dieselfde era gebore is.

Vanuit hierdie teorie is die volgende generasies geïdentifiseer:

Die “Silent Generation” gebore tussen 1930-1949;

die “Boomers” gebore tussen tussen 1950-1980;

Generasie X gebore tussen 1970-1990; en

die Millenniumgenerasie gebore tussen 1990-2005.

Hierdie indeling kan nie as eksakt of absoluut beskou word nie en ewe min dat almal wat in dieselfde era gebore is presies dieselfde waardesisteem sal hê. Die indeling bied egter ’n goeie raamwerk van die gemeenskaplikhede van ’n bepaalde groep, al geld dit nie van elke individu in die groep nie.

Binne hierdie raamwerk van verskillende generasies sal ons vroeë volwassenes van ons tyd kon beskryf as Generasie X. In die boek *Genxers after God* (Hahn &

Verhaagen 1998:16) word daar ook verwys na die feit dat elke generasie van die voriges verskil. Die konstante verandering in die sosiale konteks beïnvloed en vorm elke groep op 'n unieke wyse. Daar is gemeenskaplikhede met die vorige generasies, maar ook radikale verskille.

In sy boek *The Responsible Self,* skryf H. Richard Niebuhr (1963: 63), voor 'n mens die vraag "Wat moet ons doen?" probeer beantwoord, sal dit wys wees om eers te vra "Wat gaan aan?" In ons strewe om ons taak as kerk van Christus hier op aarde uit te voer is ons geneig om uitsluitlik te konsentreer op wat ons moet doen, en neem ons dikwels nie genoegsaam kennis van wat rondom ons gebeur nie. Baie mense in die kerk het gedink dat ondanks 'n snelveranderende wêreld die kerk darem dieselfde sal bly. Die realiteit is egter dat die kerk en sy bediening aan die wêreld in die veranderingsproses nie gespaar kon bly nie (Burger 2001:11).

Hersey (1986:29-30) bevestig dit wanneer hy sê dat die kerk deur die eeue heen daarvoor bekend is om "agter" te wees in sy respons op sosiale veranderinge. Hy beveel aan dat die kerk die rol van "social critic" meer ernstig opneem, en met 'n meer realistiese oog sal let op bewegings en geloofsisteme se vormende werking op die verskillende generasies wat deel van die kerk se bediening uitmaak. Net soos al die ander generasies in die kerk is vroeë volwassenes 'n weerspieëling van die samelewing waarin hulle grootword. 'n Effektiewe bediening aan vroeë volwassenes vra dus om 'n deeglike analise van die sosiale konteks.

Volgens Coenie Burger (1999:132) leef ons in meer as een wêreld tegelyk, naamlik op die makro-, meso- en mikrovlak.

**Mikro** dui op ons onmiddellike, fisieke omgewing.

**Meso** dui op die provinsie of land waarin ons woon.

**Makro** verwys na die werêreldwye, internasionale tendense en strominge.

Terwille van die fokus op die vroeë volwassene gaan daar kortliks gekyk word na die verandering in die sosiale konteks (op makro-, meso- en mikrovlak) wat 'n

invloed gehad het op die vorming van die vroeë volwassenes as unieke groep (Generasie X). Die formatiewe jare van die generasie is deur ingrypende veranderinge gekenmerk.

### 2.2.1 Tendense op makro-, meso- en mikrovlak

Meer as een skrywer is dit eens dat ons in ’n kleiner wêreld leef as gevolg van moderne kommunikasiemiddele, groter mobiliteit en ekonomiese interafhanklikheid (Burger 1999:132; Louw 1997:16).

Globalisering het meegebring dat jongmense in twee wêrelde tegelyk leef. Deur die week moet hulle plaaslike verantwoordelikhede nakom, byvoorbeeld skool en huishoudelike roetine. In die aande en naweke ontvlug hulle na ’n meer “globale wêreld” van TV, musiek, informele haar-en klerestyle, ensovoorts. Die lewe in die twee wêrelde, “locally en globally”, gee aanleiding tot vrees en spanning (Kitching 2002: 3).

Die sosiale strominge op internasionale vlak in ’n gegewe tydperk in die geskiedenis is so verskillend en ingrypend dat dit met bepaalde paradigmaskuiwe gepaardgaan. Hans Küng soos in (Burger 1999:127) het die geskiedenis van die Christendom in ses groot tydperke verdeel, wat telkens saamgehang het met ’n bepaalde paradigmaskuif.

Een van die tydperke wat Küng uitgewys het, was die moderne paradigma van die Verligtingstyd.

### 2.2.2 Modernisme

Die **moderne era** waarin die mens se geloof meer en meer gesetel geraak het in die vermoë van die mens asook die tegnologie, het tot sekularisasie gelei. Hierdie sekulêre tydgees wat met die moderne era gepaardgaan, het ook in die Suid-Afrikaanse samelewing neerslag gevind. Sekularisasie word gekenmerk deur ’n

optimistiese lewenshouding waarin God ’n al kleiner wordende rol speel (Nel 1998: 42).

Van die gevolge van sekularisasie is dat mense nie meer dink of glo dit is belangrik om aan ’n kerk te behoort nie (Burger 1995: 15). Moontlik is dit een van die redes waarom daar vandag ’n groot afname in kerklike betrokkenheid onder die jeug te bespeur is.

Die klem op die rasionele het daartoe gelei dat daar onderskeid gemaak is tussen feit en waarde. Geloof, waardes, etiek, reg en verkeerd is subjektiewe oordele, nie feite nie. Die gevolg hiervan was relativisme.

Materialisme wat ’n verdere kenmerk van modernisme is, het daartoe gelei dat mense gejaag het na prestasie, genot en vooruitgang. Mense het mekaar as objek gesien, met ander woorde as middel tot ’n doel. Dit het aanleiding gegee tot die vernietiging van verhoudings (Hendriks 1995: 9).

Die effek hiervan is duidelik sigbaar in onder andere die hoë egskeidingsyfer in Suid- Afrika. In die jaar 2000 was die egkeidingsyfer vir Suid-Afrika 34102. Die Wes-Kaap het van al die provinsies die tweede hoogste egskeidingsyfer, naamlik 1 140 per 100 000 getroude pare. Die gevolg hiervan is dat baie van die vroeë volwassenes uit gebroke gesinne kom (Statistics South Africa 1999 and 2000).

Die uitskuiwing van godsdiens uit die openbare na die private lewe het ’n armoede aan waardes, norme en welwillendheid in die openbare lewe meegebring. Onder vroeë volwassenes is daar dus ’n groot behoefte aan rolmodelle op morele gebied.

### 2.2.3 Postmodernisme

Die moderne era het oorgegaan in die volgende een, naamlik **postmodernisme.**

Skrywers soos Prins (1997) en Smit (1991:14-15) stel die vraag of Suid-Afrika al met postmodernisme soos dit tans verstaan word, worstel (Nel 1998:47). Andere wys weer daarop dat daar ’n ontwikkelende en verskuiwende paradigma in Suid-Afrika is (vlg Shawchuck & Heuser 1993:219 ev: vgl. ook Bosch 1991). In Suid-Afrika is daar waarskynlik ’n vreemde mengsel van voormoderne, moderne en postmoderne lewensfilosofieë. Tog is daar ook ’n groeiende postmoderne bewussyn (Nel 1998:48).

Die verwoestende gevolge van die Eerste en Tweede Wêreldoorlog is waarskynlik een van die belangrikste oorsake van die ontstaan van ’n postmoderne tydgees. Daar was ’n ontnugtering met die mens se vermoë om ’n beter wêreld te skep.

Die mens weet nou dat nie net die rede en die logika belangrik is nie, maar dat die waarnemer se ervaring ewe-eens ’n rol speel in die ontwikkeling van kennis. Persoonlike interpretasie het nou ’n faktor geword, daarom dat enige outoritêre struktuur verdag voorkom. Hiervolgens verklap ’n outoritêre struktuur op paradoksale wyse onderliggende onsekerhede. Die kerk kan dus nie vanuit ’n “gesagsposisie” probeer om mense (ook vroeë volwassenes) te bereik nie.

Pragmatisme is ook deel van die postmoderne tyd, met ander woorde daar is ’n openheid vir alternatiewe. Daar is ’n herwaardering van die feit dat die mens per definisie ’n spirituele wese is. Daar moet dus op ’n meer holistiese wyse na die werklikheid gekyk word.

Dit alles beteken dat die kerk voor die uitdaging staan om te heroriënteer en sy rol en roeping in die nuwe situasie te leer verstaan en uit te voer (Du Toit 2000:54-57).

### 2.2.4 MIV/VIGS-epidemie

Een van die grootste uitdagings in ons land vandag is die **MIV/VIGS-epidemie.**

Volgens statistieke in (CABSA 2003:3) is daar 55miljoen mense wêreldwyd geïnfekteer, 22 miljoen mense het reeds gesterf aan VIGS-verwante siektes. Die volgende statistieke behoort 'n duidelike prentjie te bied oor die situasie in Suid-Afrika:

* 4, 5-miljoen mense leef met MIV/VIGS;

* 1800 mense word daagliks geïnfekteer;

* daagliks sterf daar 700 mense aan VIGS- verwante siektes;

* 25% van alle sterftes is VIGS- verwant.

2.2.5 <u>Oorgang vanaf apartheidsbedeling na demokrasie</u>

In Suid-Afrika is die oorgangsfase van 'n apartheidsregering na die vestiging van 'n demokratiese bestel 'n proses wat groot veranderinge in alle lewensfere tot gevolg het. Die belangrikste diskussies en aksies in ons samelewing wat die volgende dekades gaan oorheers, is die totale opruiming van apartheid en die volledige erfenis daarvan, gepaardgaande met die heropbou van die land in 'n nuwe nasionale eenheid (Cochrane, De Gruchy & Pietersen 1991:5).

In die stryd teen apartheid in Suid-Afrika het die jeug 'n bepaalde rol gespeel, daarom gaan ons kortliks let op die aktiewe rol van die jeug gedurende die apartheidsjare. Die Suid-Afrikaanse jeug as 'n groep is vir baie jare deur die leiers in beheer van hulle toekoms geïgnoreer. Dit het aanleiding gegee tot die stigting van verskeie jeugorganiasies waardeur die jeug hulle sienings en oortuigings wou laat geld. Terwyl Afrikaner-jeuggroepe gebruik is om nasionalistiese ideologieë te verkondig, het die ANC-liga wat in 1943 gevorm is, "African nationalism" aangemoedig. In 1969 is die *South African Students Organization* gestig, waarvan Steve Biko die leier was. In 1979 en 1980 is meer

studenteorganisasies gestig byvoorbeeeld COSAS (*Congress of South African Students*) en AZASO (*Azanian Students Organization).*

Die apartheidsisteem het die Suid-Afrikaanse jeug verdeel in ’n bevoorregte wit minderheidsgroep wie se opvoeding en ontwikkeling deur die regering voorsien is en ’n minderbevoorregte meerderheid vir wie die basiese reg tot ’n standaardopvoeding en ontwikkeling nie gegun is nie (Kitching 2000:10-11).

Die skole-opstand van 1976 teen die instelling van Afrikaansmediumonderrig in swart skole (wat in Soweto begin en oor die hele land versprei het) was die eerste georganiseerde weerstand teen ’n onderwysstelsel, wat onder meer misluk het om aan leerders ’n “sense of belonging” of ’n gevoel van identifikasie te gee en ’n vreemde Afrikanerkultuur aan hulle probeer opdwing het. Hierdie jongmense het hulleself gesien as “frontline soldiers” en die “vanguard of the struggle” in die stryd om politieke verandering, en dus ook as verdedigers van hulle gemeenskappe (Mokwena 1991:32).

Soos reeds kortliks verduidelik, was menige jongmens onder die swart en Kleurlingbevolking aktief betrokke by die politieke stryd en tientalle het selfs by die gewapende stryd betrokke geraak.

Tydens die onderhandelingsfase in die oorgang tot ’n nuwe politieke bedeling het swart politieke leiers ’n beroep op die jongmense gedoen om weerstandsaktiwiteite af te skaal. Baie jeugleiers was verlore binne die onderhandelingsproses en is daarna ook nie opgeneem in die verskillende vlakke van nasionale en plaaslike politieke strukture nie. Vele ander jeugdiges is ontnugter, want ten spyte van die droom en beloftes van ’n beter lewe is die primêre ervaring in townships steeds een van ongelykheid en verontregting. Werkgeleenthede het nog nie beduidend toegeneem nie en baie jongmense bevind hulleself nog op straat eerder as in opvoedkundige instansies.

"Frustration, resulting from the non-delivery of material benefits by the government, has led many youths and adults to seek opportunities to acquire wealth elsewhere. Crime is an obvious alternative" (Dissel: 1997:409).

Hierdie kort bespreking was slegs 'n kursoriese blik op die betrokkenheid van die Suid-Afrikaanse jeug tydens die apartheidregering en die oorgangsfase. Baie van diegene wat hulle lewens gewaag het tydens die stryd teen apartheid is nog nie noodwendig in die nuwe bestel erkenning gegee of behoorlike geleenthede vir persoonlike ontwikkeling gebied nie.

2.2.6 Werkloosheid en armoede

'n Verdere kenmerk van die Suid-Afrikaanse konteks is **werkloosheid en armoede.** Volgens die *Youth Report* deur CASE het 41% van die jeug werkloosheid as een van die grootste probleme in Suid-Afrika uitgewys. Ongeveer 56% van jong vroue en 43% van jong mans is werkloos.

' n Behoefte onder vroeë volwassenes wat werkloos is, kan dus wees hantering van hulle situasie deur middel van ondersteuning, asook die beskikbaarstelling van meer bekostigbare opleiding.

'n Goeie voorbeeld hiervan is die Koinonia Gemeenskapsprojek in Paarl in die Wes-Kaap wat aan persone tussen 18-35 'n verskeidenheid van opleidings- en opvoedkundige programme teen meer bekostigbare pryse bied.

2.2.7 Geweld

Verskeie kommentatore verwys na Suid-Afrika as 'n kultuur van geweld. Volgens Hamber (1999:12) word daarmee bedoel dat die Suid-Afrikaanse samelewing geweld onderskryf en aanvaar as 'n aanvaarbare en legitieme manier om probleme op te los en doelwitte te bereik. Die 1980's was een van die mees gewelddadige periodes in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse samelewing.

Verreweg die meeste voorvalle van geweld tydens die 1980’s is deur die staat gepleeg en het selfs oor landsgrense heen plaasgevind om weerstand in die kiem te smoor.

Die slagoffers van die geweld was heel dikwels baie jonk. Terwyl politieke geweld in die oorgangsfase aansienlik afgeneem het, is die oorgang na ’n demokratiese samelewing egter deur stygende misdaadvlakke gekenmerk. Die *Nedcor ISS Crime Index* berig dat geweldsmisdaad tussen 1998-1999 met byna 10% toegeneem het, meer as enige ander kategorie van misdaad. Daar word ook berig dat by elke derde misdaad wat tydens 1999 aan die polisie gerapporteer is, geweld of die bedreiging van geweld betrokke was. Hierdie kernagtige opsomming van die vernaamste uitdagings waarmee Suid-Afrikaners gekonfronteer word, gee aan ons ’n idee oor die impak van die sosiale konteks op die individu, in dié geval die vroeë volwassene.

Hieruit is dit genoegsaam duidelik dat die era/tydgleuf waarin die vroeë volwassene opgroei ’n definitiewe invloed het op die waardes van die groep, wat hulle uniek maak ten opsigte van onder andere hulle wêreldbeskouing en bedieningsbehoeftes.

Volgens Burger kan ’n beter kennis van die konteks ons help:
* Om die tye waarin ons leef beter te verstaan;
* om die sake waarop dit aankom te onderskei;
* om die kommunikasiepatrone en kommunikasiemoontlikhede van ons tyd beter te verstaan; en
* om onsself, ons kinders en die kerk van ons tyd beter te verstaan (Burger 1999:127-131).

Die verstaan van die konteks en die invloed daarvan op die individu of groep (vroeë volwassenes) is dus noodsaaklik ten einde effektiewe bediening aan die vroeë volwassene te bevorder. Clifford Anderson onderstreep dit wanneer hy sê dat vir die kerk om vroeë volwassenes effektief te bedien, daarna gestreef moet

word om hulle te verstaan, sowel as die wêreld waarin hulle leef (Wrightsman 1994: 38).

Kennis van die konteks waarin die generasie grootword, kan die kerk help om respek te toon vir die unieke groep en hulle bedieningsbehoeftes.

## 2.3 Persoonsontwikkelingsperspektief

Hiervolgens kan kennis oor die lewensiklus en die breër ontwikkelingsproses van vroeë volwassenes help om meer effektief na hulle te luister en hulle dus beter te verstaan en te bedien. Hierdie teorieë help om vroeë volwassenes se perspektief op dinge beter te verstaan, asook om die ondersoeker of bedieningsinstansie beter te oriënteer ten opsigte van hulle lewens (Gribbon 1993:8).

Volgens Erikson se teorie is menslike ontwikkeling ’n proses wat die totale lewensloop dek en in agt stadia verdeel kan word waarvan vroeë volwassenheid een stadium is. Erikson se teorie sê ook dat die ontwikkeling van die individu die resultaat van twee gelyktydige en komplekse invloede is, naamlik genetiese en sosiale faktore (Meyer, Moore & Viljoen 1997:219).

Hersey (1986:21-22) sê in dié verband dat dit belangrik is dat ons nie vroeë volwassenes sal verstaan as’n generiese term vir “jongmense” nie, maar as ’n beskrywing van ’n groep persone wat min of meer dieselfde ontwikkelingstake deel.

Hersey noem ook dat om die vraag te probeer beantwoord naamlik wie vroeë volwassenes is en om die kerk se verhouding teenoor die groep te probeer verstaan, dit noodsaaklik is om die ontwikkeling van die vroeë volwassenes te verstaan.

Tydens elke ontwikkelingstadium is daar sekere ontwikkelingstake wat bemeester moet word. Volgens die teorie van Erikson word elke

ontwikkelingstadium gekenmerk deur ’n ontwikkelingskrisis wat veroorsaak word deur interaksie tusen die epigenetiese ontwikkeling en die sosiale invloede. Dit kom daarop neer dat ’n persoon moet kies tussen twee teenoorgestelde, maar tog komplimentêre ontwikkelingsmoontlikhede. Met ander woorde, die ontwikkelingsmoontlikhede moet egter nie as teenoorgesteld in die sin van *wedersyds uitsluitend* gesien word nie, maar eerder as *komplementêre teenoorgesteldes.* Die ideale oplossing van elke ontwikkelingskrisis is dan ook telkens geleë in die vind van ’n gesonde balans tussen die twee uiterste moontlikhede (Meyer, Moore & Viljoen 1997:220).

Die ontwikkelingstaak van die vroeë volwassene is om te kies tussen intimiteit en isolasie. Gerdes soos in Louw (1990:475-476) het die volgende uiteensetting van die lewenstaak van die vroeë volwasenne gegee:

### 2.3.1 Take wat betrekking het op die self:

* Om onafhanklik en verantwoordelik op te tree;
* om identiteit te vestig en te stabiliseer;
* om waardes te omlyn;
* om die vermoë te ontwikkel om aan ander verbonde te wees.

### 2.3.2 Take wat betrekking het op die gesin:

* Om ’n maat te kies;
* om te leer om met ‘n huweliksmaat saam te leef;
* om ’n ouer te word en kinders groot te maak;
* om ’n huishouding te vestig en te bestuur.

### 2.3.3 Take wat betrekking het op werk en vryetydsbesteding:

* Om in ’n beroep gevestig te raak;
* om ’n patroon van ontspannning te ontwikkel.

2.3.4 <u>Take wat betrekking het op die gemeenskap</u>:

* Om ’n plek in die gemeenskap te vind en ’n bydrae te lewer (Louw 1990:475-476).

Soos hierbo vermeld, is daar baie take wat die vroeë volwassene moet bemeester. Die voltooiing van die take bring mee dat die groep baie besig en mobiel is.

Vroeë volwassenes kan op grond van die onderskeie take waarmee hulle besig is in die volgende groepe ingedeel word:

2.3.4.1 Vroeë volwassenes in oorgang (18-25)

Hierdie groep is baie mobiel-in oorgang tussen skool en werk, en gevolglike wegbeweeg van die ouerhuis na ’n lewe op hulle eie. Hierdie *explorers* is oop vir eksperimentering en betrokkenheid. Hierdie groep is gewoonlik nie gereelde kerkbywoners nie. Op hierdie ouderdom is daar ook die behoefte om gesag te toets of uit te daag. Hierdie ontdekkingstog word gekenmerk deur die soeke om hulle lewens te bou op iets wat die moeite werd is. Dit is soms ’n stormagtige tyd, alhoewel nie noodwendig onbestendig nie (Hersey 1986: 22).

2.3.4.2 Vroeë vowassenes in hul middel- tot laat- twintigs (25-29)

Tydens dié periode word die struktuur vir ’n volwasse lewe gevestig (“pioneers”). Volgens navorsing deur die Alban Instituut wil hierdie groep dikwels by ander (nuwe) kerke betrokke raak. Die rede hiervoor is dikwels omdat persone verhuis het na ’n nuwe omgewing. Onder hierdie groep bestaan die behoeftes om ’n verhouding met God te hê, om geleenthede te kry om te sosialiseer, en om aan sake rakende intimiteit te werk. Volgens Statistiek Suid-Afrika is die gemiddelde ouderdom vir eerste huwelike vir beide mans en vrouens tussen 25-29 jaar (Statistics *South Africa 1999 and 2002:4).* Gedurende hierdie periode is dit

belangrik om hulleself te kan toewy aan verhoudings, aangesien die ontwikkelingstaak is om die kapasiteit vir intimiteit te vorm. Tydens hierdie tydperk word daar met vrae geworstel soos: Gaan ek verhoudings vemy?; Gaan ek trou?; Hoe vind ek die "regte" lewensmaat?, Ensovoorts (Hersey 1986:23).

Daar bestaan dus 'n duidelike behoefte om 'n mentor te vind ten einde vrae waarmee geworstel word met iemand te bespreek, asook iemand om leiding te gee in besluite wat geneem moet word.

2.3.4.3 Vroeë volwassenes tussen 29-35

Volwassenes in hul laat-twintigs is meer gevestig en het gewoonlik meer verantwoordelikhede tuis, by die werk en in die gemeenskap. Diegene het egter die behoefte om hierdie verantwoordelikhede of bekommernisse deel te maak van hulle kerklike lewe. Tydens hierdie fase het die persone konkrete geleenthede nodig vir diens, en het hulle 'n behoefte aan geestelike groei, ondersteuningsgroepe en rituele om oorgange in hul lewe te maak, asook om die realiteite rondom familiekonflik, siekte, dood en ander verliese te hanteer (Gribbon 1993:2-4). Volgens die *Statistics South Africa on Marriages and Divorces 1999-2000* is dit die ouderdom waarop meeste Suid-Afrikaners alreeds getroud is of op troue staan. Tydens hierdie periode is daar verder dus 'n behoefte aan voorhuwelikse begeleiding asook aan ondersteuning vir diegene wat reeds getroud is en moet aanpas by nuwe verantwoordelikhede ten opsigte van die huishouding, die grootmaak van kinders, ensovoorts.

Vanuit die onderskeie ontwikkelingstake wat vroeë volwassenes moet voltooi, vloei daar bepaalde behoeftes voort wat onder andere deur 'n kerklike bediening aan die groep hanteer kan word. Dit is egter net moontlik indien elke gemeente deeglik bewus is van die ontwikkelingstake en gepaardgaande behoeftes van vroeë volwassenes. Die ontwikkelingsperspektief help die kerk om te verstaan waarvandaan dié persone kom ook waarheen hulle op pad is en wat vir hulle belangrike lewensvraagstukke is.

## 2.4 Geloofsontwikkelingsperspektief

Die kerk word deur baie gesien as een van die belangrikste rolspelers in geloofsonderrig. Osmer (1992:15) sê in dié verband dat die kerk duidelik moet wees oor een ding, naamlik dat die basiese doel van onderrig is om ’n konteks (ruimte) te skep waar geloof kan ontwaak, ondersteun en uitgedaag word. ’n Goeie raamwerk vir hoe daar oor geloofsontwikkeling gedink moet word, sal dus nodig wees ten einde aan bogenoemde opdrag as kerk te kan voldoen. Om hierdie rede gaan ’n model van geloofsontwikkeling kortliks bepreek word ten einde ook gepaardgaande bedieningsbehoeftes, veral met betrekking tot vroeë volwassenes, pertinent aan die lig te bring.

Die werk van James Fowler (in Louw 1994:516) bied ’n raamwerk vir die ontwikkeling van geloof in die individu. Fowler postuleer dat die stadia van geloofsontwikkeling gekenmerk word deur ’n konstante volgorde wat hiërargies georden is en universeel voorkom. Die onderliggende aanname is dat daar ten spyte van verskille in geloofsinhoude, tydens elke stadium sekere patrone van denke, begrip en evaluering gemanifesteer word. Alhoewel Fowler se werk oor geloofsontwikkeling ’n raamwerk bied hoe om oor geloofsontwikkeling te dink, is daar ook kritiek teen die teorie waarvan kennis geneem moet word.

Die belangrikste punte van kritiek teen Fowler se model is die volgende:

* Die teorie openbaar sterk kulturele invloede, maar staan nogtans universaliteit voor;

* daar is ’n sterk fokus op kognitiewe prosesse en te min aandag vir persoonlikheidseienskappe;

* die benadering van konstante stadia sluit die inkorporering van teologiese begrippe soos “genade” uit, en daarom ook die moontlikheid dat die belewenis

van genade ’n persoon se oorgang van ’n laer na ’n hoër staduim mag verhaas (Louw 1994:517).

* bekering in Christelike sin is nie ’n outomatiese gevolg van geloofsontwikkeling nie. Die model skep die indruk dat geloofsontwikkeling meer ’n saak van die kop as van die hart is (Richter & Francis 1998:55).

Ten spyte van hierdie kritiek teen die model, bied dit waardevolle insigte ten opsigte van geloofsontwikkeling in die individu wat nuttig aangewend kan word in bediening aan mense in die geloofsgemeenskap. Daar moet egter daarteen gewaak word om die model te rigied te interpreteer. Die raamwerk wat die model oor geloofsontwikkeling bied, gaan gebruik word om ’n prentjie van die fases van geloofsontwikkeling te skets, veral met meer breedvoerige verwysing na die stadias van vroeë volwassenheid.

### 2.4.1 Stadia van geloofsontwikkeling volgens Fowler se teorie

#### 2.4.1.1 Stadium 0: Ongedifferensieerde geloof (0-3 jaar)

Die belewenis van die baba kan ’n gevoel van vertroue of verworpenheid laat ontstaan wat latere geloofsontwikkeling bevorder of strem.

#### 2.4.1.2 Stadium 1: Intuïtief-projektiewe geloof (4-7 jaar)

Die kind se siening van God is antropomorfe en konkreet, en hy/sy sien God as ’n persoon.

#### 2.4.1.3 Stadium 2: Mistiek-letterlike geloof (7-12 jaar)

God word nog steeds in antropomorfiese terme gesien, gewoonlik as ’n ouer wat streng, regverdig en magtig is. ’n Persoonlike verhouding met God word aanvaar.

Die volgende twee stadia gaan meer breedvoerig bespreek word aangesien dié stadia direk op die geloofsontwikkeling van vroeë volwassenes betrekking het.

#### 2.4.1.4 Stadium 3: Sinteties-konvensionele geloof (adolessensie – vroeë volwassenheid)

Die adolessent en die jong volwassene begin om meer abstrak oor geloofsake te dink, maar uiteenlopende standpunte en persoonlike lewenskrisisse word moeilik in terme daarvan verwerk (Louw 1994:516). 'n Sterk relasionele komponent tot geloofsontwikkeling kom in hierdie stadium na vore. Tydens hierdie stadium word 'n sintese gevorm uit waardesisteme van die vorige stadium en 'n koherente perspektief word gevorm. Die stadium is konvensioneel, omdat daar gepoog word om die geloofsisteme van 'n groter gemeenskap aan te neem. Daar is 'n toenemende ontwikkeling van identiteit wat deur verhoudings bevorder en bevestig word.

Persone in dié fase se politieke en opvoedkundige aktiwiteite is gesentreer rondom die kerk. Vanweë hulle identifisering met die kerk kan konflik in die kerk as baie bedreigend ervaar word. Tydens hierdie fase is persone baie beïnvloedbaar deur ander mense in die geloofsgemeenskap, byvoorbeeld die predikant, jeugwerker, onderwysers en ander volwassenes (Richter & Francis 1998:54). 'n Leemte in hierdie stadium is dat daar 'n oorafhanklikheid van ander in die geloofsgemeenskap soos die pastor of die jeugleier is (Downs 1994:116).

Persone in hierdie stadium het 'n behoefte om blootgestel te word aan perspektiewe breër as hulle eie geloofsgemeenskap ten einde hulle perspektief van geloof en waardes te verbreed. Verder is daar ook 'n behoefte aan meer duidelike teologiese en morele riglyne wat jongmense in dié fase kan aanneem. Verhoudings met mekaar (ander vroeë volwassenes) asook met ouer persone is in dié fase belangrik aangesien identiteit deur verhoudings bevestig word.

#### 2.4.1.5 Stadium 4: Individualiserend-reflektiewe geloof

Hierdie stadium word gekenmerk deur die kritiese evaluering van bestaande geloofsisteme en waardes, maar ook deur groter internalisering van geloof en oortuiging, en ’n sterker gevoel van persoonlike verantwoordelikheid vir besluitneming rakende geloofsake (Louw 1994:516).

Daar is dus ’n wegbeweeg van die belangrikheid van die gemeenskap in die vorige fase na keuses wat meer op persoonlike mening en voorkeure gegrond is. Die self word dus nou meer losgemaak van die groep en die behoefte om in te pas word nou vervang met ’n meer doelbewuste kritisisme wat nie noodwendig negatief is nie. Die stadium is individualiserend omdat daar ’n bevestiging van eie identiteit plaasvind, en reflekterend omdat daar ’n voortdurende nadenke is oor die praktyke en voorveronderstellings van die groep. Hierdie stadium gaan dikwels met skuldgevoelens en verlies gepaard, omdat die gemeenskap wat vroeër as ondersteunend ervaar is nou die objek van kritiek word (Downs 1994:117).

Tydens hierdie fase is daar ’n behoefte aan sensitiwitiet oor die verskillende wyses waarop individue die fase betree. Hulp in die oorskakelingproses van een fase na die volgende is ook van belang. Dit sal beteken dat mense in die geloofsgemeenskap, soos onder andere die pastor en jeugwerker, die kenmerke van die fase moet kan erken ten einde die proses effektief te kan fasiliteer. Daar is verder ook ’n behoefte om na te dink oor wat hulle werklik en persoonlik glo.

#### 2.4.1.6 Stadium 5: Paradoksaal-konsoliderende geloof

Die uitstaande kenmerk van hierdie stadium is integrasie, veral met die oog op die versoening van teenstrydighede (paradokse) tussen die eie siening en dié van ander.

#### 2.4.1.7 Stadium 6: Universaliserende geloof

Tydens dié stadium slaag die individu daarin om paradokse en meegaande spanning te integreer. Metaforiese en simboliese denke is die natuurlike styl van hierdie stadium en daar word ook nader aan die transendente beweeg.

Daar moet egter onthou word dat egte geloof nie ’n saak van ouderdom of styl is nie. Oor die algemeen word die geloof van vroeë volwassenes gekenmerk deur bevraagtekening van waardes, religie, ensovoorts. Vroeë volwassenes kan dus die skema ook nuttig vind in die proses om sin te maak in hulle soektog en “op-pad-wees” in hulle geloofsontwikkeling (Gribbon 1993: 25).

Dit is uit die voorgaande duidelik dat daar in die proses van geloofsontwikkeling sekere bedieningsbehoeftes voortspruit, wat net waargeneem en aangespreek kan word indien daar genoegsaam kennis geneem word van die inhoud van die proses. Volgens Hersey (1986:29) is ’n effektiewe bediening ten nouste gekoppel aan ’n duidelike verstaan van die behoeftes van diegene wat ons geroep is om te bedien.

## 2.5 Die kerk en die vroeë volwassene

Vervolgens gaan daar gefokus word op die verhouding tussen die kerk en die vroeë volwassene.

Volgens Hersey (1986:25) en ander (Hahn & Verhaagen 1996:17, Burger 1999:1) toon vroeë volwassenes hulle houding teenoor die kerk in die meeste gevalle deur hulle afwesigheid.

In ’n artikel *A new age in the Church: Young Adults*, Cusick & De Vries 1998:6, word die afwesigheid van die generasie in die Rooms-Katolieke Kerk ook bevestig wanneer die skrywers die volgende vrae stel: “Why are so many absent from our churches?” “Why have so many young adults not found in our churches an answer to their spiritual hunger?” Die vroeë volwassenes wat wel kerklik

betrokke is, erken dat hulle geestelike behoeftes nie noodwendig deur die kerk aangespreek word nie. Die kerklike betrokkenheid van vroeë volwassenes word verder as selektief beskryf (Cusick & De Vries 1998:6). Hierdie selektiewe kerklike betrokkenheid van vroeë volwassenes word bevestig deur Bagley wannneer hy skryf dat die kontak met vroeë volwassenes hoofsaaklik tot Kersfees, Paasfees, troues of begrafnisse beperk is (Bagley 1988:48).

Volgens Margaret O' Brien (1998:36) is vroeë volwassenes geestelike mense; tog is hulle afwesig van die kerk. Roof word soos volg deur Margaret O" Brein aangehaal: "They have separated themselves from organized religion (Roof 1993: 1)" Die generasie wat ook deur O' Brein as Generasie X aangdui word staan nie in 'n verhouding met die institusionele kerk nie.

Die praktyk om op 'n Sondag kerk toe te gaan, word nie langer as prioriteit gesien nie en die impak van Sondag as rus- en aanbiddingsdag is ook besig om te verdwyn. Dit impliseer dat die kerk vandag nie meer so 'n sentrale rol in die lewens van veral dié generasie speel nie. Aanbidding kan vir hulle ook op alternatiewe plekke en tye plaasvind, byvoorbeeld op die kampus of in 'n ander denominasie waar hulle meer welkom voel (O' Brien 1998: 36).

'n Mens moet egter nie te vinnig aanvaar dat daar geen behoefte is aan die geloofsgemeenskap nie. Daar is verskeie redes vir die kerklike onbetrokkenheid van vroeë volwassenes. Daar blyk 'n noue verband te wees tussen die invloed van die sosiale omgewing op die vorming van dié generasie en die kenmerke wat by hulle onderskei kan word.

Ten einde hierdie generasie se houding teenoor die kerk te probeer verstaan, gaan dit wat kenmerkend van hulle is kortliks bespreek word, aangesien daar 'n verband is tussen dié kenmerke en hulle houding teenoor die kerk.

Afgesien van die feit dat hierdie generasie in elk geval nie maklik definieerbaar is nie vanweë die verskeidenheid binne hulle geledere, wil die generasie ook nie

graag gekategoriseer word nie. Hierdie individualistiese karaktertrek is een van die mees uitstaande kenmerke van die generasie (Gribbon 1993: 13).

Daar is nogtans bepaalde kenmerke van die generasie wat wel onderskeibaar is, solank dit maar in gedagte gehou word dat die volgende eienskappe nie gebruik moet word om sekere stereotipes aangaande die generasie te vorm nie. Die beskrywing is slegs in die algemeen verteenwoordigend van die groep, en nie noodwendig waar van al die individue in die groep nie (Hahn & Verhaagen 1998: 21).

## 2.6 Kenmerke van die generasie

### 2.6.1 <u>Gebrek aan betekenisvolle verhoudings ("disconnected")</u>

Die vroeë volwassenes leef in 'n wêreld waar daar 'n toenemende afwesigheid is van stabiele en betroubare verhoudings. Baie vroeë volwassenes kom uit gebroke gesinne wat gekenmerk word deur egskeidings of verlies aan intieme verhoudings omdat die gesinslewe aan die verbrokkel is. Hulle het ook dikwels hulle ouers as afwesig beleef, omdat beide ouers werk en byna net in die aand tuis is. Die gevolg is dat die kinders gedurende die dag alleen tuis is en dus op hul eie aangewese is ("latchkey kids"). Daar word ook na die generasie verwys as die terapeutiese generasie, omdat die generasie dikwels deur terapeute en beraders gesien word. Ten spyte van hierdie "terapeutiese kultuur" is die groep nie altyd in voeling met hulleself en ander mense nie. Selfs in Suid-Afrika neem die verskynsels van "straatkinders" toe - om verskeie redes, maar wat ewe-eens dui op die verbrokkeling van die gesinslewe en verlies aan betekenisvolle verhoudings. Daar is dus 'n groot behoefte aan die vorming van betekenisvolle verhoudings waarin sekuriteit, liefde en aanvaarding ervaar kan word (Hahn & Verhaagen 1998:25).

### 2.6.2 Selfgenoegsaam en skenk moeilik vertroue

Soos reeds genoem, moes die generasie van kleins af leer om onafhanklik te wees, ongeag of hulle daarvoor gereed was. Alhoewel daar ’n groot behoefte is aan betekenisvolle verhoudings, is baie van hulle al so dikwels in die steek gelaat deur mense in wie hulle hul vertroue gestel het dat hulle dit moeilik vind om weer hulle vertroue aan iemand te skenk (Codrington 2000).

### 2.6.3 Hooploosheid

Die ontnugtering dat die mens en die tegnologie nie die wêreld kan beheer nie (postmodernisme), werkloosheid, armoede, die MIV/AIDS-epidemie, toenemende gesinsverbrokkeling, verlies aan morele standaarde, om net enkeles te noem, is van die redes waarom vroeë volwassenes dikwels alle hoop laat vaar. As gevolg van soveel teleurstellings is die groep pessimisties oor die toekoms. Volgens Hahn en Verhaagen (1996:23) is dit een van die mees uitstaande kenmerke van die generasie.

### 2.6.4 Pragmaties

Die generasie stel nie soseer daarin belang of iets waar is nie, maar of dit werk. Dit is vir hulle belangrik dat wat hulle aangebied word hulle sal help om sin te maak in die alledaagse lewe. Wat betref hulle behoefte ten opsigte van die geloofsgemeenskap vind hulle ’n “lewende geloof” meer oortuigend, omdat hulle juis soek na ’n verbintenis tussen die transendente en hulle alledaagse bestaan (Gribbon 1993:3).

### 2.6.5 Leef met verandering en omhels dit

Die generasie is so gewoond aan verandering dat hulle maklik verveeld raak. Hulle het dus ’n behoefte aan voortdurende innovering.

2.6.6 Hou van musiek en stories

Die generasie gee deur middel van musiek uitdrukking aan hulle emosies en lewensverhale. Hulle is nie goed met beskrywings nie, maar verkies stories waarmee hulle kan identifiseer en ervaring bewerk kan word.

2.6.7 Skepties

Die groep is skepties teenoor instellings soos die kerk en selfs die Christelike geloof, omdat hulle die kerk dikwels sien as 'n instelling wat absolute antwoorde bied (Hahn & Verhaagen 1996:27). Ten spyte hiervan soek die generasie na geestelike ervarings, maar nie noodwendig by die kerk nie.

2.6.8 Unieke leer- en kommunikasiestyl

Aangesien die generasie grootgeword het in die informasie-era het hulle bepaalde meganismes om die inligting waarmee hulle gebombardeer word te hanteer. Die groep het 'n kort aandagspan en vind dit moelik om lank op een taak te konsentreer. Die gevolg is dat hulle gou verveeld raak met enige vorm van rigiditeit of 'n vaste roetine.

2.6.9 Gesag word aan die persoon gekoppel en nie aan posisie nie

Hiervolgens moet gesag en die gepaardgaande respek steeds verdien word. 'n Persoon of instelling (soos die kerk) kan nie maar net aanvaar dat hierdie generasie so 'n persoon of instelling as gesaghebbend sal aanvaar en respekteer bloot op grond van hulle posisie in die samelewing nie.

2.6.10 Deel van ’n “global youth culture”

Alhoewel baie van die tendense wat hierbo aangeraak is baie Amerikaans voorkom, word dit ook in ander lande, ook onder andere in Suid-Afrika aangetref. “These trends are only American in nature” (Codrington 2002).

Alhoewel baie van die bostaande kenmerke as negatief beskou kan word, toon die generasie ook die volgende eienskappe wat as positief gesien kan word.

2.6.11 Realisties

Die generasie is meer realisties met betrekking tot hulle verwagting van hulleself en ander. Hulle weet dat almal perke het en feilbaar is. Hulle besef dat daar nie maklike antwoorde is op hulle vrae nie en dat hulle hard sal moet werk ten einde ’n verskil te maak in die wêreld.

2.6.12 Aanpasbaar

Aangesien die generasie so baie blootgestel is aan voortdurende verandering is hulle meer aanpasbaar by nuwe omstandighede. Hulle kan dus ook makliker as enige vorige generasie met ander generasies oor die weg kom.

2.6.13 Aanvaar ander makliker

Die generasie is baie gevarieerd met betrekking tot etnisiteit, agtergrond, leefwyse, ensovoorts. Die resultaat van die blootstelling aan soveel diversiteit is dat die groep individue geleer het om dié wat anders as hulle is te aanvaar (Hahn & Verhaagen 1996: 29-33).

Die kenmerke van die generasie gee ook ’n aanduiding van die wêreld- en lewensbeskouing van die groep. Tegelyk gee dit ’n aanduiding van moontlike

redes waarom so baie nie noodwendig die kerk sien as die plek vir geestelike ervarings nie (Richter & Francis 1998:40).

## 2.7 Moontlike redes vir kerklike onbetrokkenheid

Vervolgens gaan enkele moontlike redes vir die onbetrokkenheid van vroeë volwassenes bespreek word. Daar gaan ook gepoog word om die redes met die unieke kenmerke van die generasie in verband te bring.

Aangesien daar ongetwyfeld baie meer redes aangevoer kan word vir die kerklike onbetrokkenheid van vroeë volwasse lidmate, gaan die redes wat vir die doel van hierdie studie aandag geniet kortliks gekwalifiseer word.

Die redes wat in hierdie studie onder die aandag gebring word, verwys nie na kerklike onbetrokkenheid as gevolg van "church hopping" of sterftes nie.

Wat meer is, hierdie redes mag nie veralgemeen word as waar en ter sake vir elke gemeente of konteks nie. Nogtans kan dit nuttige riglyne bied oor hoe die verskynsel van kerklike onbetrokkenhed van vroeë volwassenes verstaan en benader kan word.

Volgens Nel (1986:168-169) is die oorsake van kerkvervreemding en buitekerklikheid van die jeug kompleks en vervlegd. Kerkvervreemding begin dikwels met "kerklosheid" en kerklike onbetrokkenheid. Die oorsake vir die verskynsel van kerklike onbetrokkenheid moet dus vanuit vele gesigspunte bekyk word, onder meer samelewingsfaktore, optrede van ouers, oorsake binne die kerk self, oorsake as gevolg van die besondere ouderdomskenmerke van die jeug, en sonde en afvalligheid van die jeug self.

In die opvolgende bespreking van die moontlike redes vir kerklike onbetrokkenheid van vroeë volwasse lidmate gaan hoofsaaklik gefokus word op

samelewingsfaktore en die leeftydseie behoeftes van die vroeë volwassene, met enkele verwysings na ander oorsake.

In die bespreking oor die verandering in die sosiale konteks wat ’n groot invloed op die individu het, is die probleem van die kerklike onbetrokkenheid van vroeë volwassenes alreeds gekontekstualiseer. Die samelewing waarin kinders en jongmense opgroei, is nie deur hulleself geskep nie. Hulle erf dit. Vir hulle is dit hulle wêreld; en talle van hulle is nie daarvan bewus dat hulle op die een of ander wyse deur die samelewing beïnvloed word nie. Daarom kan gesê word dat vervreemding so eie is aan hierdie tyd dat jongmense nie vervreemd raak nie, maar eerder dat hulle vervreemd is bloot vanweë hul tuis-wees, eie-wees aan die gees van hulle tyd (Nel 1986:175).

### 2.7.1 <u>Onttrekking aan georganiseerde sosiale instellings</u>

Die feit dat vroeë volwassenes hulle dikwels onttrek aan (isoleer van) die kerk of kerklike aktiwiteite moet ook verstaan word teen die agtergrond van ’n onttrekking aan of isolering van georganiseerde sosiale instellings in die breë. Daar is aanduidings dat met byvoorbeeld huweliksluiting ’n proses van sosiale herintegrasie ter sprake is en kerklike betrokkenheid dan weer hervat kan word (Durkin 2003: 309).

### 2.7.2 <u>Vrywillige organisasie</u>

Volgens Ruth Finnegan soos deur Richter en Francis (1998:6) aangehaal, ondervind die meeste vrywillige organisasies, kerke ingesluit, probleme om lede te behou. Alhoewel kerke ook as vrywillige organisasies beskou kan word, het lidmaatskap van die kerk tog ’n unieke karakter en betekenis vanweë die geloof in die transendente. Wanneer die kerk verlaat word, is daar vrae betrokke oor die sinvolheid van die lewe wat nie noodwendig die geval is by ander vrywillige organisasies nie. Toewyding aan die kerk soos die teenoorgestelde, naamlik

kerklike onbetrokkenheid, behoort dus in ’n veel ernstiger lig gesien te word as wat dikwels die geval in die praktyk is.

Kerklike onbetrokkenheid van hierdie generasie het te make met suspisie oor simplistiese antwoorde, met hulle skeptisisme teenoor manipulasie, hulle onwilligheid om as passiewe verbruikers behandel te word, hulle honger dat al hulle sintuie gestimuleer sal word, kortom, hulle behoefte om net maar hulleself te wees eerder as om die *crowd* te volg of om voorgeskryf te word deur die denominasionele tradisie (Ricter & Francis 1998: 50).

### 2.7.3 Kerk nie integrale deel van mense se lewens nie

Volgens Clayton Morris soos aangehaal (Kujawa 1998:140) in is daar op ’n stadium aanvaar dat baie jongmense tussen hoërskool-en tersiêre opleiding hulle verbintenis met die kerk moontlik sal verbreek, maar weer sal terugkeer, byvoorbeeld om te trou, en dan as volwassene ’n lewenslange verbintenis met die kerk sal handhaaf. Aan die einde van die twintigste eeu word hierdie aanname egter bevraagteken. Behalwe dat dié generasie nie die huwelik as ’n onvermydelike opsie sien nie, vorm die kerk nie meer ’n integrale deel van mense se lewens nie.

Soos reeds genoem tydens die bespreking van die moderne en postmoderne tydgees, is daar nie vandag meer so ’n sterk oortuiging onder mense om aan ’n kerk te behoort nie (Burger 1995:15). Die besef van die belangrikheid van geloof is dus aan die afneem, onder vroeë volwassenes, maar geensins onder hulle alleen nie!

### 2.7.4 Generasie meer professioneel ingelig

Vroeë volwassenes is in ’n groter mate professioneel gekwalifiseerd en gesofistikeerd as die vorige generasie. Die gevolg is dat die groep dikwels die dogma en morele praktyke van die kerk bevraagteken (Hersey 1986:26). Die

dialoog wat dringend nodig is tussen hierdie lidmate en die res van die geloofsgemeenskap is egter nie algemeen in kerke nie. Die gevolg is dat vroeë volwassenes liewer die kerk verlaat of onbetrokke raak.

### 2.7.5 Mobiliteit

Uit die bespreking oor die ontwikkelingstake wat deur die vroeë volwassene voltooi moet word, het dit duidelik geword dat hierdie groep baie mobiel is. Gedurende die tydperk waarin vroeë volwassenes wegbeweeg van die ouerhuis na ’n tersiêre inrigting, in die huwelik tree, verplaas word in hulle werksituasie, of vanweë ander redes, neem kerklike betrokkenheid gewoonlik af. (Richter & Francis 1998:67; Hersey 1986:27).

### 2.7.6 Liberaal

Clifford Anderson (in Wrightsman 1994:39) verwys na die feit dat vroeë volwassenes liberaal is in hulle denke. Hierdie verskynsel word verder versterk deurdat hulle baie mobiel is en die bande wat hul met hulle ouerhuis, skool en kerk verbind het op dié wyse losraak in hulle “op-weg-wees” na onafhanklikheid. Die gebruike van ouerhuis en kerk word nou bevraagteken. Dit word soveel makliker om in ’n nuwe en vreemde omgewing onbetrokke te raak, omdat ’n sekere mate van anomiteit daar ervaar word.

### 2.7.7 Skepties teenoor outoritêre en tradisionele instellings

Een van die kenmerke van vroeë volwassenes is dat hulle baie skepties is teenoor tradisionele instellings soos die kerk. Daar bestaan dus ook wantroue teenoor kerklike leiers (Richter & Francis 1998: 40).

Hierdie skeptiese gesindheid kan ook deur die kerk self in die hand gewerk word. Volgens Burger kan die kerk en strukture in die kerk wat veronderstel was om die verhouding met God te fasiliteer, gaandeweg so prominent word dat dit die

gemeentelede se lewe met God selfs kan bedreig. Dit gebeur wanneer die kerk homself as instituut te ernstig opneem en alle energie dan aangewend word om die instelling in stand te hou. Die gevolg is 'n gerigtheid na binne wat die uiters belangrike gerigtheid na buite, die essensie van kerkwees, belemmer (Burger 1999:69-70).

### 2.7.8 Morele begeleiding deur die kerk onvoldoende of te vaag

Tydens die stadium van sinteties-konvensionele geloof het vroeë volwassenes 'n behoefte aan duidelike riglyne met betrekking tot moraliteit ten einde hulle persoonlike waardestelsel te ontwikkel en te bevestig. Die morele standaarde van die gemeente sowel as dié van gemeentelede, veral die leiers, kan te vaag wees vir leiding op dié gebied aan vroeë volwassenes en mag aanleiding daartoe gee dat hulle die kerk verlaat (Richter & Francis 1998: 59).

### 2.7.9 Wyse van evangelisering

Nog 'n moontlike rede vir die kerklike onbetrokkenheid van hierdie groep het te make met die wyse waarop die kerk evangeliseer. Volgens Hersey (1986:27) het sommige kerke die ingesteldheid van W*e've got what you need. Come and get it*. As 'n generasie wat alreeds skepties staan teenoor gesag of instellings wat voorgee dat hulle al die antwoorde het, sal dit natuurlik moeilik wees om deur so 'n houding aangetrek te word.

### 2.7.10 Gebrek aan gemeenskap van gelowiges

Hierdie faset raak die erediens en die bestaanswyse van die gemeente as gemeenskap van gelowiges. Die koue afsydigheid in die onderlinge verhoudinge in die gemeente as liturgiese gemeenskap stoot mense weg van die erediens en lewer 'n baie groot bydrae tot kerkvervreemding en buitekerklikheid. Hierdie gebrek aan egte gemeenskapsbelewing hou beslis verband met die wyse waarop die jeug volwassenes in die gemeente beleef. Die beeld van die gemeente en die

kerk as geheel speel in kerklike vervreemding ’n groot rol. As Christene mekaar nie kan vind of op ’n Christelike wyse van mekaar kan verskil nie, raak dit die geloofwaardigheid van die evangelie van Jesus Christus (Nel 1986:184). Hierdie “wees en leef voor die aangesig van God” as sy gestuurde (kerk) verwys ook na die identiteit van gemeentewees. Dit gaan hier oor wie ons ten diepste is en sluit alles in wat die gemeente doen en sê. Volgens Burger (1999:54) is die identiteit van die gemeente so belangrik omdat die geloofwaardigheid van die kerk ten nouste daarmee saamhang. Dit is eers wanneer mense en dus ook vroeë volwassenes sien dat ons regtig anders is, dat hulle hul sal steur aan wat ons sê en doen. Dit was nog altyd so, maar dit is asof daar in ons tyd ’n buitengewone sensitiwiteit vir geloofwaardigheid, egtheid en integriteit is.

2.7.11 Kategese

Volgens Malan Nel (1986:185) lê deeglike kategese aan die wortel van kerkherstel. Net so is swak kategese aan die wortel van vervreemding. Tans vorm kategese ongetwyfeld ’n belangrike deel van die kerk se bediening aan die jeug, maar aangesien die geleentheid nie altyd effektief benut word nie moet die kerk na belydenisaflegging weer na die nuwe lidmate op soek gaan. Daar is nie kontinuïteit en samehorigheid in die verskillende bedieninge in die kerk nie. De Klerk, soos deur Nel (1986:185) aangehaal, sê dat baie mense wat deur die kerk se proses van kategese gegaan het nie die minste benul het waaroor dit in die kerk van Christus gaan nie.

2.7.12. Ouers

Volgens Firet (1977:191) ontvang kinders van hulle ouers hulle *oorspronklike sisteem.* Ouers word dus gesien as die primêre opvoeders, ook op geestelike gebied. Soos reeds genoem, het die rol van ouers in die nuwe tydgees in die gedrang gekom en is daar ’n al groter wordende verwagting van die kerk om leiding te neem op die gebied van die geestelike vorming van die jeug (Nel 1998:109).

Volgens die sosiale leerteorie word die religieuse gedrag en gesindheid van kinders hoofsaaklik by die ouers aangeleer. Godsdienstige "sosialisering" is soveel meer suksesvol wanneer ouers in hulle geloof toegewyd is. 'n Studie in die Verenigde State van Amerika (Richter & Francis 1998:77-78) het aan die lig gebring dat die religieuse en kerklike betrokkenheid van kinders en jongmense in 'n groot mate bepaal word deur die graad van betrokkenheid van ouers in dié verband, en of die gesin byvoorbeeld saam bid tydens 'n maaltyd. Volgens C. Kirk Hadaway soos deur Richter en Francis (1998:77) aangehaal, wat homself 'n "church leaving theorist" noem, stel ouers eenvoudig net nie 'n duidelike voorbeeld aan hulle kinders wat betref toegewydheid as Christen nie.

Die kanse dat iemand kerklike betrokkenheid sal staak, word verhoog as kerklike betrokkenheid nie 'n belangrike deel van die ouers se lewe was nie, of as kinders deur ouers gedwing is om kerklik betrokke te wees (Richter & Francis 1998:89).

Dat die generasie op wie gefokus word 'n waardevolle bydrae kan maak tot die getuienis en taak van hulle plaaslike gemeente is nie te betwyfel nie. Om hulle egter as deel van die gemeente te behou, sal vra dat hulle volledig binne konteks verstaan en bedien word.

# HOOFSTUK 3

# ’N EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE KERKLIKE BETROKKENHEID VAN VROEË VOLWASSE LIDMATE IN DIE VGK RING VAN WELLINGTON

## 3.1 Inleiding

Tesame met die voorafgaande literatuurstudie is ’n empiriese ondersoek gedoen na die kerklike betrokkenheid van vroeë volwasse lidmate in die VGK Ring van Wellington. In hierdie hoofstuk word die operasionalisering en verloop van die empiriese ondersoek beskryf en die resultate daarvan in verwerkte vorm weergegee en geïnterpreteer.

## 3.2 Empiriese ondersoek

Vervolgens word verslag gedoen oor die operasionalisering en verloop van die empiriese ondersoek.

### 3.2.1 Navorsingsontwerp en data-insamelingstegnieke

Die navorsingsontwerp wat in die ondersoek gebruik is, is opname wat verwys na die insameling van inligting omtrent ’n geselekteerde aantal kenmerke by ’n meervoud of of groot aantal gevalle op ’n gegewe tydstip binne omskrewe grense (Groenewald 1988:63).

Daar is van kwantitatiewe data-insamelingstegnieke gebruik gemaak, naamlik self-geadministreerde vraelyste en gestruktureerde onderhoude (Blaike 2003:233).

### 3.2.2 Voorondersoek

Volgens De Vos (2002:177) is dit belangrik dat die vraelyste in hul semifinale stadium eers getoets word voordat hulle vir die hoofondersoek gebruik word. Die voordeel van so 'n voortoetsing is dat regstellings betyds en teen geringe koste aangebring kan word. Die vraelys is vir voortoetsing deur twee predikante voltooi. Hierdie persone het sekere aanbevelings gemaak ten opsigte van die inhoud van die vraelys wat by die finalisering van die vraelys in aanmerking geneem is.

Daar is ook met twee predikante gestruktureerde onderhoude gevoer en aanbevelings met betrekking tot die inhoud (vrae) van die onderhoud verkry wat by die finalisering van die onderhoudskedule in aanmerking geneem is.

Nadat veranderings aangebring is volgens die aanbevelings van bogenoemdes, is beide die vraelys en die onderhoudskedule weer getoets deur twee dosente wat nie by die finale empiriese ondersoek betrokke was nie. Geen aanbevelings is tydens dié voortoetsing gemaak nie en die vraelys en onderhoudskedule is finaal saamgestel.

### 3.2.3 Selektering van respondente

Die Ring van Wellington bestaan uit elf gemeentes. Die vraelys is deur die predikante in die onderskeie gemeentes voltooi.

Gestruktureerde onderhoude is ook met tien predikante in die Ring van Wellington gevoer. Daar is elf vraelyste uitgestuur waarvan tien terugontvang is.

#### 3.2.3.1 Kriteria vir inligting in vraelys verlang

* Die inligting wat aangevra is, fokus net op lidmate van die betrokke gemeentes, met ander woorde persone wat belydenis van geloof afgelê het.

* Deur middel van die vraelys is slegs inligting oor lidmate tussen 25-29 jaar ingesamel. Alhoewel die literatuurstudie op persone tussen 18-35 jaar fokus, het dit uit die voortoetsing van die vraelys duidelik geword dat dit nie moontlik sou wees om inligting oor kerklike betrokkenheid van lidmate tussen 18-35 jaar te bekom nie. Die rede hiervoor is onder andere dat die meeste predikante nie lank in die gemeentes betrokke is nie en nie oor sulke statistieke beskik nie.

Daar is op dié spesifieke ouderdom besluit na aanleiding van die statistieke ontleen aan *Marriages and divorces in South Africa 1996-2000.* Volgens hierdie statistieke is 25-29 jaar die gemiddelde ouderdom waarop beide mans en vrouens in Suid-Afrika hulle eerste huwelik sluit.

### 3.2.4 Fases van die gestruktureerde onderhoud

#### 3.2.4.1 Voorbereiding vir onderhoud

Volgens De Vos (2001:301) is dit nodig dat die navorser hom-/haarself emosioneel voorberei om die leefwêreld van die respondent te betree. Die navorser het tydens 'n byeenkoms waar al die respondente byeen was haarself gaan bekendstel en die doel van die studie verduidelik.

Die literatuurstudie wat gedoen is oor die ontwikkeling van vroeë volwassenes en gepaardgaande bedieningsbehoeftes het ook die doel gedien dat die navorser eers voldoende vakkundige kennis ingewin het voordat sy met onderhoude begin het.

#### 3.2.4.2 Kontak met respondente

Respondente is eerstens skriftelik genader vir toestemming om die ondersoek in die Ring van Wellington te doen (Bylae nr 1). Nadat skriftelik toestemming verleen is om voort te gaan met die ondersoek het die navorser respondente persoonlik ontmoet tydens 'n byeenkoms wat deur die skriba van die Ring van

Wellington gereël is. By dié geleentheid is die doel van die ondersoek verduidelik en kon die respondente vrae aan die navorser stel rondom die ondersoek. Tydens dié gesprek het die respondente aangedui dat die Ring baie baat by so 'n ondersoek sal vind, aangesien daar oor die algemeen probleme in die Ring van Wellington ondervind word met die kerklike betrokkenheid van die jeug.

By 'n volgende byeenkoms waar al die respondente teenwoordig was, is die inhoud van die vraelys (Bylae nr 2) verduidelik en onsekerhede uitgeklaar. Die navorser het dit ook duidelik gestel dat indien daar later enige onduidelikheid rondom die invul van die vraelys ervaar word, hulle haar kon skakel om sodanige onduidelikheid op te klaar. Kontakbesonderhede van die navorser is aan al die respondente voorsien.

Dit is belangrik dat die respondente voorberei moet word op die tipe onderhoud (gestruktureerd of ongestruktureerd) wat met hulle gevoer gaan word. Die plek/omgewing van die onderhoud speel ook 'n belangrike rol en moet verkieslik 'n niebedreigende omgewing wees wat privaatheid verseker. Afsprake vir die onderhoude moet lank voor die tyd gereël en nader aan die geskeduleerde datum bevestig word (De Vos 2002:300). In die lig hiervan het die navorser aan respondente verduidelik dat sy gestruktureerde onderhoude met elkeen gaan voer oor die kerklike betrokkenheid van vroeë volwasse lidmate in die gemeente. Afsprake vir die onderhoude is 'n maand vooruit gereël. Die afsprake is twee dae voor die geskeduleerde datum telefonies met die respondente bevestig.

3.2.4.3 Kontraktuele verhouding

Volgens De Vos (2002:177) moet die navorser maniere vind om te verseker dat vraelyste terugontvang word. Die navorser het mondelings met respondente gekontrakteer dat die vraelyste tydens die onderhoudsgeleentheid aan haar besorg sal word. Respondente het dus nie nodig gehad om die vraelyste te pos nie, wat verseker het dat die navorser die maksimum vraelyste sou terugontvang.

Die predikante (respondente) het onderneem om die vraelyste in te vul en tydens die onderhoudsgeleentheid aan die navorser terug te besorg. Daar is verder ooreengekom dat die onderhoudvoering ’n halfuur sou duur en dat die navorser respondente by die pastorie of die kerkkantoor vir die onderhoud sou ontmoet.

3.2.4.4 Vertrouensverhouding

Vanweë die navorser se betrokkenheid by sommige gemeentes in die Ring was sy aan die meeste van die respondente bekend. Die gesprekke wat die navorser tydens die gesamentlike byeenkomste met die predikante kon voer, het die vestiging van ’n vertrouensverhouding bevorder.

Tydens ’n gesamentlike byeenkoms is aan die respondente verduidelik dat die statistieke rondom die kerklike betrokkenheid van vroeë volwasse lidmate soos op die vraelys ingevul, in die verwerking van die vraelyste gebruik gaan word om gevolgtrekkings te maak oor die kerklike betrokkenheid van vroeë volwasse lidmate in die Ring van Wellington.

Die vrae wat tydens onderhoude gestel is het nie vertroulike inligting verlang nie. Daar is ook aan respondente verduidelik dat die onderhoudskedule saamgestel is uit oop vrae en hoofsaaklik op die mening van die respondent oor die spesifieke aangeleentheid gaan fokus.

Die onderhoude was gevolglik toegespits op die vrae wat aan respondente gestel is, terwyl die navorser slegs as fasiliteerder van die gesprek opgetree het. Aan die begin van die onderhoud is die prosedure vir die onderhoud weer aan respondente verduidelik, naamlik dat:

* die onderhoud ’n halfuur gaan duur;
* die onderhoud uit oop vrae bestaan en op die respondent se mening fokus;
* die navorser aantekeninge sal maak tydens die onderhoud.

Die navorser het seker gemaak dat sy goed met die vrae en prosedure vir die onderhoud vertroud is, sodat sy die gesprek met gemak kon fasiliteer.

3.2.4.5 Terminering van die onderhoud

Respondente is bedank vir die invul van die vraelyste en die tyd wat vir die onderhoud afgestaan is. Die respondente het vooraf geweet hoe die onderhoudskedule gaan verloop en kon dus die einde van die onderhoud antisipeer.

## 3.3 Die vraelys

Die vraelys wat vir die empiriese ondersoek gebruik is (Bylae nr 2), is ewe-eens op die navorsingsdoelstellings en die voorafgaande literatuurstudie gebaseer. Die vraelys het uit geslote vrae bestaan. Volgens McMurty (in De Vos 2002:179) moet die navorser poog om soveel as moontlik geslote vrae te stel. Hierdie deel van die vraelys is op statistiese wyse verwerk. Die vraelys het die kerklike betrokkenheid (soos omskryf in die begripsomskrywing) van die lidmate tussen 25-29 jaar in die Ring van Wellington getoets.

## 3.4 Onderhoudskedule

Onderhoude is in ’n omgewing gevoer wat vir die respondent geleë was, naamlik in die respondent se studeerkamer of die kerkkantoor (De Vos 2003:300).

Die onderhoudskedule wat vir die empiriese ondersoek gebruik is (Bylae nr 3), is op die doelstellings van die studie en die voorafgaande literatuurstudie gebaseer. Met die onderhoudskedule is daar van oop vrae gebruik gemaak. Deur oop vrae kry die respondent die geleentheid om enige antwoord op die vraag te gee wat na sy mening toepaslik is. Oop vrae moet egter beperk word, aangesien die neerskryf en interpretasie daarvan baie tyd van beide die navorser en die

respondent verg (De Vos 2002:179). Om dié rede het die navorser net oop vrae tydens die onderhoud gestel.

Die onderhoudskedule het uit die volgende vrae bestaan:

* Wat was u mening oor die kerklike betrokkenheid van vroeë volwasse lidmate in u gemeente voor en nadat u die vraelys ingevul het?

* Hoekom sê u so?

* Wat is na u mening die vernaamste bedieningsbehoeftes van die vroeë volwasse llidmate?

* Wat dink u kan vanuit die gemeente gedoen word om die kerklike betrokkenheid van vroeë volwasse lidmate te bevorder?

## 3.5 Resultate van ondersoek

Die gegewens wat met behulp van die vraelyste en onderhoude ingesamel is, word vervolgens bespreek.

### 3.5.1 <u>Verwerking van inligting deur vraelyste ingewin</u>

Die gegewens deur die vraelys ingewin gaan deur middel van kwantitatiewe metodes verwerk word. Die doel van die vraelys was om inligting in te win oor die kerklike betrokkenheid van vroeë volwasse lidmate in die onderskeie gemeentes. Vroeë volwasse lidmate in die vraelys verwys na lidmate tussen 25-29 jaar. Kerklike betrokkenheid in die vraelys verwys na:

* diens op die bestuur van die onderskeie gemeentelike organisasies of aktiwiteite;
* deelname aan die aktiwiteite van die organisasie;
* bywoning van gemeentelike byeenkomste.

Die laaste deel van die vraelys het die totaal van die lidmate tussen 25-29 jaar in die gemeente aangevra. Daar is nie voldoende inligting ontvang wat verwerk kon word met betrekking tot deelname van lidmate aan kerklike aktiwiteite nie. As gevolg hiervan is daar geen verwerking gedoen of gevolgtrekking gemaak ten opsigte van dié deel van die vraelys nie.

#### 3.5.1.1 Betrokkenheid deur diens op bestuur van kerklike organisasies

Die volgende tabel bied ’n uiteensetting van die betrokkenheid van lidmate tussen 25-29 jaar by die onderskeie kerklike organisasies in die VGK Ring van Wellington.


| Organisasie of aktiwiteit | Bestuurslede 25-29 jaar | Mans 25-29 | Vroue 25-29 | Totale aantal bestuurslede |
|---|---|---|---|---|
| Sondagskool | 13 | 3 | 10 | 70 |
| Kinderbond | 0 | 0 | 0 | 33 |
| CYM | 22 | 10 | 12 | 62 |
| Kerkraad | 10 | 4 | 6 | 356 |
| Vrouediens | 1 | 0 | 1 | 66 |
| Brigade | 2 | 0 | 2 | 34 |
| Evangelisasie | 4 | 2 | 2 | 56 |
| KCO | 13 | 4 | 9 | 74 |
| Kategese | 5 | 4 | 1 | 48 |
| CAB | 1 | 0 | 1 | 26 |
| Kerkkoor | 8 | 2 | 6 | 55 |
| **TOTAAL** | **79** | **29** | **50** | **880** |

*Tabel 1 Betrokkenheid van lidmate tussen 25-29 volgens diens op die bestuur van kerklike organisasies/aktiwiteite*

Interpretering en afleidings uit die tabel

In die VGK Ring van Wellington is daar 880 bestuurslede van wie slegs 79 lidmate tussen 25-29 jaar betrokke is. Dit beteken verder dat persone wat wel op die bestuur van die onderskeie organisasies dien jonger of ouer as 25-29 jaar is. Die statistieke is ook 'n aanduiding dat lidmate tussen 25-29 nie kerklik besonder betrokke is deur diens op die bestuur van onderskeie kerklike organiasies nie. Die persone op die bestuur van die verskeie organiasies het 'n bepaalde seggenskap en invloed op besluitnemingsprosesse asook oor die manier waarop organisasies bestuur en aktiwiteite aangebied word in die gemeente of die ring. Aangesien 'n betreklike klein aantal vroeë volwasse lidmate tussen 25-29 jaar hier verteenwoordig is, is hul invoed en deelname in die gemeente of ring ook minimaal. Die volgende figuur toon die betrokkenheid van mans en vroue op die bestuur van kerklike organisasies, in die Ring van Wellington aan.

*Figuur 1 Deelname van mans en vrouens tussen 25-29 in die Ring van Wellington*




Van die 79 lidmate tussen die ouderdom van 25-29 jaar is 29 mans en 50 vroue. Daar is dus ’n breër betrokkenheid van vroue as van mans in die VGK Ring van Wellington.

Die organisasies met die meeste bestuurslede tussen 25-29 jaar is die CYM (Christian Youth Movement) met 22 lede; die KCO en die Sondagskool elk met 13 lede; die Kerkraad met 10 lede en die Kerkkoor met 8 lede. Die organisasies met die swakste verteenwoordiging van lidmate tussen 25-29 jaar op bestuursvlak is, Kategese met vyf lede; die Evangelisasiespan met 4 lede; die Brigade met 2 lede; die Vrouediens en die CAB (Christelike Alkoholiste Bond) elk met een lid en die Kinderbond met geen lede.

Die organisasie met die beste verteenwoordiging op bestuursvlak deur lidmate tussen 25-29 jaar is die CYM en die organisasie met die swakste/minste verteenwoordiging is die Kinderbond.

Die volgende figuur bied ’n uiteensetting in persentasies oor betrokkenheid deur diens op die bestuur.




*Figuur 2 Betrokkenheid deur diens op bestuur van organisasies in persentasies*

Vervolgens gaan die doel en fuksie van elke organisasie kortliks gestel en betrokkenheid in persentasie aangedui word. Die persentasies dui deurgaans op die betrokkenheid van lidmate 25-29 jaar in die VGK Ring van Wellington.

Sondagskool

Die Sondagskool is een van die organe vir Christelike opvoeding. Die Christelike opvoeding wat deur middel van die Sondagskool behartig word, is die onderwys in die Bybelse en Kerklike Geskiedenis asook die Geloofs- en Sedeleer aan die hand van die Heilige Skrif (Kerkorde van die VGK 2000:196). Slegs 16.% van die Sondagskoolpersoneel in die VGK Ring van Wellington bestaan uit vroeë volwasse lidmate tussen 25-29 jaar.

Kinderbond

Die Christelike Kinderbond is ook een van die organe vir Christelike opvoeding (Kerkorde van die VGK 2000:197). By dié organisasie is daar 0% betrokkenheid van vroeë volwasse lidmate tussen 25-29 jaar.

CYM ("Christian Youth Movement")

Die doel van die CYM is die geestelike vorming van die jongmense in die gemeente te einde aktiewe deelname aan die taak/missie van die kerk te bevorder. Die doelstellings van die organisasie kan soos volg saamgevat word:

* 'n Lewe wat ooreenstem met die wil van God onder leiding van die Heilige Gees;

* 'n ware getuie van Christus te wees;

* in die alledaagse lewe te getuig van die verlossingswerk van Christus;

* gereeld die byeenkomste van die organisasie by te woon en bepaalde verantwoordelikhede as lid van die organisasie op te neem en na te kom (Kerkorde van die VGK 2002 :271-272). Volgens die statistieke vanuit die vraelyste het hierdie organisasie die beste verteenwoordiging of deelname van lidmate tussen 25-29jaar, naamlik 29%.

Kerkraad

Die kerkraad bestaan uit ouderlinge en diakens. As ouderlinge en diakens word gekies lidmate wat onberispelike lewens lei, volgens die Skrif. Die take van die kerkraad kan soos volg saamgevat word:

Ouderlinge:

* Om saam met die bedienaars van die Woord die herderlike sorg aan die gemeente te bedien;

* oor die gemeente en die medeampsdraers toesig te hou;

* die gemeentelede getrou te besoek

* saam met die diakens te sorg vir die middele tot die instandhouding van die erediens;

* die administrasie van die fondse en eiendomme van die gemeente te behartig

* ywerige samewerking met die bedienaar van die Woord, in alles wat tot die geestelike opbouing van die gemeente kan dien, te verleen.

Diakens:

* Om die gemeente voort te gaan in die diens van barmhartig;

* insameling van gawes;

* gemeentelede aan te moedig tot barmhartigheidsdiens (Kerkorde van die VGK 2000:45-47). Slegs 13% van die kerkraadslede bestaan uit vroeë volwasse lidmate.

Vrouediens

Elke belydende vrouelidmaat binne die grense van ’n bepaalde gemeente van die VGK is deel van die Christelike Vrouediens van die gemeente.

Die doel van die organisasie is om:

* Die hou van gereelde huisgodsdiens aan te moedig;

* die moeders aan te moedig om hul kinders Christelik op te voed;

* reinheid in woord en lewe te bevorder;

* die ontwikkeling van 'n deelgenootskap van manne en vroue in die kerk te bevorder (Kerkorde van VGK 2000: 235-236). Alhoewel elke vroue lidmaat deel uitmaak van die organisasie is slegs 1% lidmate tussen 25-29 hierby betrokke.

Brigade

Die doel van die Brigade is die geestelike, sedelike, liggaamlike en kulturele opvoeding en ontwikkeling van die jeug.

Geestelike opvoeding word onder andere gegee deur middel van Bybelstudie, geestelike boodskappe, konferensies, ensovoorts. Goeie leesgewoontes word aangekweek deur die beskikbaarstelling van Christelike lektuur.

Sedelike opvoeding geskied by wyse van reinheidsgesprekke asook lesings oor jongmensvraagstukke en die beoefening van goeie gewoontes.

Liggaamlike opvoeding word bereik deur gimnastiek en driloefening, spanwerk, die verlening van noodhulp en die beoefening van dissipline.

Kulturele opvoeding word bevorder deur middel van sang, musiekkursusse, kompetisies, ensovoorts (Kerkorde van die VGK 2000: 248). Slegs 3% van die betrokkenes by die organisasie bestaan uit vroeë volwasse lidmate.

Evangelisasiespan/ Getuienisaksie

Die getuienistaak van die kerk het ten doel om die heerskappy van Jesus Christus in die kerk en die samelewing te verkondig en uit te leef. Die taak van die getuienisaksie is enersyds na binne gerig en fokus op die opbou van die geestelike lewe van die lidmate. Dit is verder ook gerig op kerkvervreemdes wat formeel nog lidmate is, ten einde hulle daadwerklik te bereik en hulle tot gemeenskap met Christus te bring. Die taak is egter ook na buite gerig wat sending en evangelisering behels (Kerkorde van die VGK 2000:106). Verteenwoordiging van vroeë volwasse lidmate by hierdie organisasie beloop 5%.

KCO (Kerkraadskommissie vir Christelike opvoeding)

Die taak van die kommisie is soos volg:

* Beplanning en koördinering van die werksaamhede wat op die kinders en jongmense gerig is;

* reël van konferensies, skoling- en toerustingkursusse wat nodig is vir die bevordering van die kinder- en jeugwerk in die gemeente;

* terugvoering aan kerkraad asook aan die ring oor die werksaamhede met betrekking tot kinder- en jeugwerk in die gemeente (Kerkorde van die VGK 2000:194). Betrokkenheid van vroeë volwasse lidmate by dié organisasie is 16%.

Kategese

Kategese verwys na die geloofsonderrig van katkisante in die gemeente.

Die doel van kategese sluit in die verstaan van die:

* Heilige Skrif;

* belydenis
* geskiedenis van die kerk;
* hedendaagse kerklike lewe soos dit veral tot openbaring kom in die getuienisaksie en die diakonale dienste (Kerkorde van die VGK 2000:98). Slegs 6% van kategete in die VGK Ring van Wellington is lidmate tussen 25-29 jaar.

<u>CAB (Die Christelike Alkoholiste Bond)</u>

Doelstellings:

* Om 'n barmhartigheidsdiens in verband met alkoholisme en dwelmverslawing te lewer;

* voorligting te gee, voorkomings- en motiveringswerk te doen, behandeling en nasorgdiens te ondersteun en langs dié weg alkoholiste te help tot 'n blywende soberheid (Kerkorde van die VGK 2000:232). Slegs 1% van die betrokkenes by hierdie organisasie bestaan uit vroeë volwasse lidmate.

<u>Kerkkoor</u>

Lidmate kan deel word van dié kerkkoor wat gereeld tydens eredienste en selfs by ander geleenthede optree. Vroeë volwasse lidmate vorm 10% van die organisasie.


Statisties blyk dit dat die kerklike betrokkenheid van vroeë volwasse lidmate tussen 25-29jaar in die VGK Ring van Wellington minimaal is ten opsigte van diens op die bestuur van die onderskeie kerklike organisasies/aktiwiteite.

3.5.1.2 Betrokkenheid deur die bywoning van kerklike byeenkomste

Respondente moes deur middel van ’n kruisie aantoon hoe die bywoning van eredienste, gemeente bidure, pinksterbidure, week van gebed en Bybelstudiegroepe beleef word. Respondente kon uit die volgende opsies die woord kies wat die bywoning van vroeë volwassnes die beste beskryf:

| Uitstekend | Goed | Bevredigend | Swak | Baie swak |
| --- | --- | --- | --- | --- |

Die volgende figuur bied ’n breër prentjie oor betrokkenheid deur bywoning van byeenkomste.





*Figuur 3 Bywoning van kerklike byeenkomste deur lidmate tussen 25-29 jaar in die VGK Ring van Wellington*

Interpretering en afleidings uit figuur


Die hoogste persentasie vir bywoning van kerklike byeenkomste was 34%, wat swak bywoning weerspieël. Volgens bostaande statistieke word bywoning van kerklike byeenkomste deur lidmate tussen 25-29 jaar oor die algemeen as swak beleef. Slegs 4% van die groep verteenwoordig uitstekende bywoning van kerklike byeenkomste.


Die bywoning van elke byeenkoms gaan vervolgens deur figure voorgestel word

*Figuur 4 Bywoning van eredienste*





*Figuur 5 Bywoning van gemeentebidure*







*Figuur 6 Bywoning van pinksterbidure*




*Figuur 7 Bywoning van week van gebed*

*Figuur 8 Bywoning van Bybelstudiegroepe*




Die persentasie oor die bywoning van byeenkomste gaan vervolgens in ’n tabel saamgevat word, wat ooreenstem met dié een in die vraelys.

| Byeenkoms | Uitstekend | Goed | Bevredigend | Swak | Baie swak |
|---|---|---|---|---|---|
| Eredienste | 0% | 20% | 40% | 40% | 0% |
| Gemeente Bidure | 0% | 0% | 20% | 30% | 50% |
| Pinkster Bidure | 10% | 20% | 50% | 20% | 0% |
| Week van gebed | 10% | 20% | 40% | 30% | 0% |
| Bybelstudie groepe | 0% | 0% | 10% | 30% | 60% |

Interpertering en afleidings uit figure en tabel

Kerklike betrokkenheid deur die bywoning van byeenkomste word volgens bostaande tabel grotendeels as bevredigend ervaar. Die tweede hoogste persentsie word as swak bywoning aangedui. In vergelyking met betrokkenheid deur diens op bestuur van organisasies, is betrokkenheid deur bywoning van byeenkomste beter. Die drie byeenkomste wat die beste bywoning geniet is in volgorde pinksterbidure; eredienste en week van gebed. Die twee byeenkomste wat die swakste bygewoon word is in volgorde gemeentebidure en Bybelstudiegroepe.

3.5.1.3 Teoretiese verbandlegging ten opsigte van gegewens deur vraelys ingesamel

Vanuit die empiriese gegewens is dit duidelik dat vroeë volwasse lidmate se kerklike betrokkenheid deur diens op die bestuur van organisasies asook deur bywoning van gemeentelike byeenkomste oor die algemeen nie goed/bevredigend is nie. Die ondersoek is dus in ’n groot mate ’n bevestiging van kerklike onbetrokkenheid deur dié groep soos in die literatuurstudie van hoofstuk 2 geblyk het. Die stelling deur Hersey (1986:25) word dus deur dié gegewens bevestig, naamlik dat vroeë volwassenes hulle houding teenoor die kerk in die meeste gevalle toon deur hulle afwesigheid.

Betrokkenheid soos in dié vraelys uiteengesit dui op strukturele betrokkenheid en dit wil voorkom asof dit nie ’n manier is hoe die groep kerklik betrokke is en moontlik wil wees nie. Dit is ook in ooreenstemming met van die kenmerke van dié groep, naamlik dat hulle nie belangstel in strukture, programme en groot “events” nie, maar eerder besondere waarde heg aan intimiteit en verhoudings (Codrington 2000:85).

Die feit dat die meeste organisasies deur ouer lidmate en dus persone uit ’n vorige of ander generasie bestuur word dui ook op die generasie gaping wat ter sprake kom, sou vroeë volwassenes wel betrokke raak. Volgens Codrington (2000:85) sien die vorige generasie, die “Boomers”, hulleself as die aangewese leiers ook in die kerk. Ongelukkig besef of erken hulle dikwels nie die feit dat hulle leierskapstyl gepas mag wees vir die werêld waaraan hulle gewoond was, maar nie noodwendig vandag so in aanvraag is nie. Die afwesigheid of onbetrokkenheid van die vroeë volwassenes in die kerk mag egter nie vertolk word asof hulle geen behoefte aan die geestelike of God sou hê nie. Alhoewel belangstelling in die instutisionele kerk gering is, is daar by dié generasie ’n hoë belangstelling in die geestelike en dus in God. Jeugnavorsing veral in Amerika het aangetoon dat terwyl die formele verbintenis van jongmense met die kerk onder die druk van sekularisasie afneem, dit nie noodwendig beteken dat die geloofsinhoude daarmee sonder meer in dieselfde mate hulle waarde vir hierdie jongmense verloor het nie (Bibby & Posterski 1992: 264-27; Francis et al 1995:167-169; Senter 1992: 160). In die taal van die jeug: “*Kerk is uit, maar godsdiens is in*”. Volgens ondersoeke in Suid-Afrika speel godsdiens en kerk nog by die oorgrote meerderheid van alle bevolkingsgroepe ’n sentrale en bepalende rol (Slabbert et al 1994: 85-89).

### 3.5.2 Verwerking van inligting deur onderhoude ingewin

Die navorser het die gegewens verskeie kere noukeurig nagegaan ten einde ’n geheelbeeld te kry voordat die inligting in kleiner dele opgebreek is. Gedurende hierdie proses het die navorser bepaalde ooreenstemmende inligting onder elke vraag saam gegroepeer (De Vos 2002: 343).

In die verwerking van die inligting word van oop kodering gebruik gemaak. Oop kodering verwys na die proses waar inligting afgebreek, ondersoek, vergelyk, gekonseptualiseer en gekategoriseer word (De Vos 2002: 345).

Die kategorieë vir die verwerking van die gegewens word aan die hand van die onderskeie vrae gedoen.

Vraag 1

Wat was u mening oor die kerklike betrokkenheid van lidmate tussen 25-29 voor en nadat u die vraelys ingevul het?

Reaksie:

Voor die invul van die vraelys:

* Die meeste respondente het aangedui dat hulle daarvan bewus was dat die lidmate kerklik onbetrokke is. Daar is ’n tendens dat die meeste lidmate na belydenisaflegging kerklik onbetrokke raak. Daar is ook na die groep verwys as die afwesige generasie wat kerklike betrokkenheid betref.

* Daar is beter erediensbywoning van die lidmate as wat daar strukturele betrokkenheid met betrekking tot verenigingslewe is. Die vereningingslewe word in die meeste gemeentes hoofsaaklik deur ouer lidmate aan die gang gehou.

* Daar was ook diegene wat onder die indruk was dat die groep wel kerklik betrokke is.

Na die vraelys ingevul is:

* Met die invul van die vraelys was dit vir drie respondente ’n ontdekking om te merk dat daar baie min tot geen kerklike betrokkenheid is nie.

* Vir die ander sewe respondente was die invul van die vraelys ’n bevestiging van hulle vermoedens oor die kerklike onbetrokkenheid van dié lidmate.

Afleiding:

Enersyds was daar respondente wat gedink het dat die lidmate tussen 25-29 jaar wel kerklik betrokke is en deur die invul van die vraelys ontnugter is, omdat die teendeel aan die lig gekom het. Andersyds was daar diegene wie se vermoedens oor die kerklike betrokkenheid van die groep bevestig is.

Teoretiese verbandlegging

’n Empiriese ondersoek het ten doel om antwoorde te vind op ’n navorsingsvraag deur die insameling en analisering van empiriese data wat verband hou met aspekte van die sosiale lewe (De Vos 2002:2). Die studie het die waarde van ’n empiriese ondersoek bevestig, aangesien dié ondersoek die vermoedens van kerklike onbetrokkenheid aan die een kant kon statisties bevestig. Aan die ander kant kon die ondersoek die wanpersepsie oor kerklike betrokkenheid regstel deurdat die teendeel bewys is, naamlik geen of minimale betrokkenheid.

Daar het dus voorheen verskillende opinies oor die kerklike betrokkenheid van dié groep bestaan. Die invul van die vraelys het ’n verandering in die opinies tot gevolg gehad, terwyl ander se opinie bevestig is. Die resultaat is dat daar tans onder die gemeentes in die VGK Ring van Wellington konsensus oor die probleem bestaan.

Vraag 2

Hoekom sê u so?

Reaksie:

* Die tyd waarin die groep grootword, verskil drasties van dié waarin die ouer mense in die kerk grootgeword het. Dit verwys na die generasiegaping tussen die spesifieke groep en die ouer lidmate in die gemeente. Aangesien bestuursliggame

in die kerk, byvoorbeeld die kerkraad, uit ouer lidmate bestaan wat nie noodwendig dieselfde verwysingsraamwerk as die groep deel nie, is die gemeente dikwels nie kinder- of jeugvriendelik nie.

* Die groep het leeftydseie behoeftes waarmee daar nie altyd gehou word in die kerk nie rekening gehou word nie.

* Oneffektiewe katkisasie lei daartoe dat lidmate nie verstaan waaroor dit in die kerk van Christus gaan nie, en na belydenisaflegging die kerk verlaat.

Afleiding:

Die response dui daarop dat die respondente besef dat die kerklike bediening geraak word deur die veranderde tye en dat die kerk homself moet heroriënteer ten opsigte van veral sy bediening aan die jeug en vroeë volwasse lidmaat.

Teoretiese verbandlegging

Die response dui ook daarop dat 'n geloofsgemeenskap uit verskillende generasies bestaan wat elk unieke behoeftes het. Dit dui verder op die verskille tussen die generasies as gevolg van die voortdurende verandering in die sosiale konteks (Hahn & Verhaagen 1998:16). Die behoefte is ook uitgespreek dat die kerk die rol van "social critic" meer ernstig moet opneem ten einde die bediening ook dienooreenkomstig aan te pas (Burger 2001:11 en Hersey 1986:29-30). Beter kennis van die konteks sal dus help om die tye waarin ons leef , die kommunikasiepatrone en kommunikasiemoontlikhede van hierdie tyd en onsself, ons kinders en die kerk van ons tyd beter te verstaan ( Burger 1999:127).

Dat oneffektiewe katkisasie volgens (Nel 1986:185) tot kerklike onbetrokkenheid en selfs kerkvervreemding lei, is ook vanuit die onderhoude bevestig.

Vraag 3

Wat sou u sê is die vernaamste bedieningsbehoeftes van hierdie lidmate?

Reaksie:

* Meer en deegliker voorhuwelikse begeleiding.

* Bespreking van en begeleiding in meer aktuele sake soos verhoudings, enkelouerskap, egskeiding, verwerking van die dood van ’n geliefde, ouerskap, ensovoorts.

* Prediking wat hulle kan help met hulle alledaagse lewe.

* Verhoudings met ander volwassenes in die geloofsgemeenskap.

Afleiding:

Daar is ’n bewustheid dat elke generasie eiesoortige bedieningsbehoeftes het waarop gefokus moet word, ten einde effektiewe kerklike bediening aan die spesifieke groep te bevorder.

Teoretiese verbandlegging

Daar was ’n aanduiding in die response dat bediening aan dié groep gefokus moet wees op “real life issues”, met ander woorde begeleiding oor lewensvrae waarmee hulle worstel. Dit stem ooreen met die kenmerk van die generasie wat in die literatuurstudie na vore gekom het dat hulle pragmaties is en nie noodwendig vra of iets waar is nie, maar of dit werk. Volgens Gribbon (1993:3) is hulle behoefte ten opsigte van die geloofsgemeenskap ’n “lewende geloof”, omdat hulle soek na ’n verbintenis tussen die transendente en hulle alledaagse bestaan.

Vraag 4

Wat dink u kan vanuit die gemeente gedoen word om die kerklike betrokkenheid van hierdie lidmate te bevorder?

Reaksie:

* Verskeidenheid van musiek, multimedia.

* Meer interaksie tussen die verskillende generasies in die kerk. Ouer lidmate moet aangemoedig word om kinders en jongmense meer welkom in en deel van die gemeente te laat voel.

* Meer oop besprekings en Bybelstudies.

* Prediking moet meer jeugvriendelik ingeklee word.

* Meer kampe.

* Gemeentelede moet saamdink aan hoe hulle voortdurend die groep kan betrek in gemeentelike aktiwiteite. Maak gebruik van “suggestion box” om idees en terugvoering van almal te kry oor bediening in die gemeente.

* Proaktiewe optrede deur meer doeltreffende Sondagskool en kategese.

* Meer opleidingsgeleenthede vir jong lidmate, byvoorbeeld kort kursusse en werkwinkels.

* Die gemeentes moet meer gemeenskapsgerig wees en betrokke raak by die nood van mense.

* Groter samewerking tussen verskillende diensorganisasies in die gemeente.

Afleiding:

Daar is praktiese maniere waarop 'n kerklike bediening aan die vroeë volwasse lidmate meer betekenisvol en effektief ingerig en geïmplementeer kan word.

Teoretiese verbandlegging

Die stimulering van albei hemisfere van die brein deur die gebruik van oudivisuele materiaal soos deur Babin (1991:3-4) voorgestel is ook nodig in die bediening aan dié groep. Bogenoemde voorstel is in lyn met die feit dat dié generasie in die informasie- era grootgeword het en aan dié vorm van komminikasie gewoond geraak het.

'n Intergeneratiewe benadering is in die bediening aan dié groep nodig aangesien dit in die behoefte aan 'n verskeidenheid volwasse rolmodelle, integrering van hul geloof met hulle alledaagse lewe en die behoefte aan egte gemeenskap sal voorsien (Roxburgh 1993:114).

Die inligting deur die onderhoude verkry toon dus groot ooreenstemming met die bestaande literatuur en teoretiese besinning oor die kerklike betrokkenheid en bedieningsbehoeftes van vroeë volwassenes en die gemeentelike bediening aan die generasie.

# HOOFSTUK 4

# GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 4.1 Inleiding

Uit die bevindinge van die empiriese ondersoek wat gedoen is, is gevolgtrekkings gemaak wat in hierdie hoofstuk as grondslag van die aanbevelings dien. Vooraf egter ’n terugblik op die doelstellings van die studie en die verwesenliking daarvan in die bevindinge.

Die doelstellings van die studie soos in hoofstuk een uiteengesit is soos volg: Om

* ’n betroubare aanduiding te gee of die tendens van kerklike onbetrokkenheid van vroeë volwasse lidmate in die VGK Ring van Wellington bevestig is al dan nie;

* moontlike redes (of faktore wat ’n rol speel) vir kerklike onbetrokkenheid van die vroeë volwassene uit te wys;

* gemeentes van die unieke bedieningsbehoeftes van die vroeë volwasse lidmaat bewus te maak;

* riglyne te formuleer vir die bediening aan die vroeë volwasse lidmaat deur die plaaslike gemeente.

Hierdie doelstellings is bereik deur die literatuurstudie asook die empiriese ondersoek na die kerklike betrokkenheid van vroeë volwasse lidmate in die VGK Ring van Wellington.

Bewusmaking van die unieke bedieningsbehoeftes van die vroeë volwasse lidmaat asook die moontlike redes vir kerklike onbetrokkenheid van dié groep is deur die literatuurstudie in hoofstuk twee uitgewys en bespreek. Die literatuurstudie was gefokus op ’n bespreking van die ontwikkeling en gepaardgaande behoeftes van die vroeë volwassene. Die ontwikkeling van die vroeë volwassene is daar bepreek vanuit ’n historiese perspektief, persoonsontwikkelingsperspektief en geloofsontwikkelingsperspektief. Kenmerke van die groep asook die gepaardgaande behoeftes is uitgewys. Vanuit hierdie bespreking is moontlike redes vir kerklike onbetrokkenheid ook aangetoon. Hierdie twee doelstellings is dus nie empiries ondersoek nie, maar wel deur die literatuurstudie belig.

Die doelstelling oor die kerklike betrokkenheid van vroeë volwasse lidmate tussen 25-29 jaar in die Ring van Wellington is bereik deur die empiriese ondersoek. Deur middel van die vraelyste en gestruktureerde onderhoude kon ’n betroubare aanduiding verkry word van die mate van kerklike betrokkenheid van vroeë volwasse lidmate in die Ring van Wellington.

Kerklike betrokkenheid in die vraelys het verwys na:

* Diens op die bestuur van die onderskeie kerklike organisasies;

* deelname aan die aktiwiteite van dié kerklike organisasies;

* bywoning van kerklike byeenkomste.

Vanweë onvoldoende inligting ontvang rakende die deelname van lidmate aan kerklike aktiwiteite kon geen afleidings en dus ook geen gevolgtrekkings gemaak word oor dié deel van die vraelys nie.

Vervolgens word die gevolgtrekkings en aanbevelings aan die orde gestel.

## 4.2 Gevolgtrekkings en aanbevelings

### 4.2.1 Identifiserende besonderhede

Vraelyste is deur die predikante van die onderskeie gemeentes voltooi. Gestruktureerde onderhoude is ook met die predikante gevoer oor die kerklike betrokkenheid van vroeë volwasse lidmate in die Ring van Wellington.

### 4.2.2 Vraelyste

#### 4.2.2.1 Gevolgtrekkings met betrekking tot betrokkenheid deur diens op bestuur van kerklike organisasies

* Betrokkenheid in dié verband is geensins na wense nie.

Slegs 79 van die 880 bestuurslede in die Ring van Wellington bestaan uit vroeë volwasse lidmate tussen 25-29 jaar, terwyl daar in die Ring van Wellington ongeveer 2396 lidmate tussen 25-29 jaar oud is. In die lig hiervan is betrokkenheid deur diens op bestuur uiters onbevredigend.

* Die organisasie waar die grootste mate van betrokkenheid voorkom is die CYM.

* Vanweë die afwesigheid van dié groep op die bestuursvlak is hulle invloed op die bestuur en die inrig en funksionering van die organisasies derhalwe minimaal.

* Deur die organisasies word diens aan mekaar as medegelowiges asook aan die werêld gelewer. Aangesien dié groep hoofsaaklik afwesig is word hulle dus nie alleen self minimaal bedien nie, maar is ook hulle dienslewering in kerklike verband en na buite minimaal.

* Aangesien betrokkenheid by die organisasies tot ’n groot mate kerklike betrokkenheid impliseer, kan onbetrokkenheid by die organisasies lei tot “kerklosheid”, kerkverlating en selfs kerkvervreemding.

4.2.2.2 Aanbevelings ten opsigte van betrokkenheid deur diens op bestuur van organisasies

* Aangesien dit ook vanuit die onderhoude duidelik geword het dat die verenigingslewe hoofsaaklik deur die ouer lidmate in stand gehou word, beteken dit dat diegene bereid sal moet wees om die verantwoordelikhede met jonger lidmate te deel.

Die deel van verantwoordelikheid beteken onder meer dat die idees en energie van vroeë volwassenes in die kerk benut sal word. Soos vroeër vermeld, aanvaar die vorige generasie (ouer lidmate/*Boomers*) dit as vanselfsprekend dat hulle die aangewese leiers is, alhoewel hulle leierskapstyl nie noodwendig vandag meer so relevant of in aanvraag is nie (Codrington 2000:85).

* ’n Paradigmaskuif is nodig insake die gangbare siening van vroeë volwassenes en dus ook insake die gangbare verstaan van die bediening aan hierdie groep.

Die gewilligheid of onwilligheid om verantwoordelikheid te deel, hang regstreeks saam met ons seining van die jeug. Dikwels word die vroeë volwasse lidmate gesien as die kerk van môre (Cusick & De Vries 1998:8). Gevolglik moet hulle eers net toeskouers wees totdat die groen lig deur ander gegee word en hulle as volwasse genoeg beskou word om sekere verantwoordelikhede te dra. Dit is belangrik dat die jeug nou as wesenlik deel van die gemeente gesien word. Hulle bydrae is nou reeds belangrik. Alhoewel hulle bydraes minder substansieel mag wees as dié van ouer, meer volwasse lidmate, is dit nie minder werd nie (Nel 1998:65).

* Ouer persone behoort hulle daarvan te weerhou om vroeë volwassenes tot verantwoordelikheid en toewyding te probeer aanspoor deur hulle skuldig te laat voel. Inteendeel behoort vroeë volwassenes volledig betrek en toegelaat te word om saam te droom oor die kerk en die plaaslike gemeente. Een geleentheid om dit te verwesenlik is lidmate se betrokkenheid by die verenigingslewe en organisasies in die kerk.

Volgens Hersey (1986:58) word vroeë volwassenes dikwels as selfsugtig, onverantwoordelik en *uncommitted* beleef. Onbetrokkenheid dui egter nie noodwendig op gebrek aan toewyding en verantwoordelikheidsin nie. In gesprekke met vroeë volwassenes waarin die vraag gestel is waarom hulle nie op die komitees in die kerk dien nie, is die volgende opmerkings deur hulle gemaak: “No one asked me”; “What would I do?”; “There are others who can do a better job”; “No one knows who I am”; “People will think I am too young”.

* Persoonlike kontak met vroeë volwassenes behoort van ampsweë gemaak en behou te word.

Gribbon (1993:73) en O’ Brien (1998:37) beklemtoon albei dat persoonlike kontak met vroeë volwassenes uiters belangerik is. Ouderlinge en diakens kan tydens huisbesoek die bestaande organisasies in die gemeente en hulle doel en funksie aan vroeë volwasse verduidelik en hulle uitnooi om te besluit op watter wyse hulle bereid is om betrokke te raak. Daar moet daarteen gewaak word om te veel druk op lidmate te plaas oor hoe en waar hulle betrokke moet raak. Die proses moet deurgaans versigtig bestuur word en die indruk moet nie by lidmate geskep word dat hulle eers van waarde of belangrik is as hulle betrokke is nie. Vroeë volwassenes moet in die gemeente welkom voel en waardeer word vir wat hulle is en nie vir wat ander dink hulle veronderstel is om te wees nie.

*Daar word aanbeveel dat daar besondere aandag gegee word aan organisasies soos die CYM waar die grootste mate van betrokkenheid voorkom.

* Die betrokkenheid van ouer lidmate, veral ouers, by dié organisasie word ook aanbeveel, aangesien vroeë volwassenes rolmodelle en begeleiding nodig het.

* Vroeë volwassenes en ouer lidmate behoort op ’n gereelde basis met mekaar in gesprek te tree oor wat min of meer van beide betrokke groepe verwag word.

* Aangesien daar min tot geen betrokkenheid is by die ander organisasies nie, word voorgestel dat daar ondersoek ingestel word na die effektiwiteit van dié organisasies.

* ’n Verdere voorstel is dat die moontlikheid van samesmelting van sommige organisasies ondersoek word, byvoorbeeld die Sondagskool, Kinderbond en Brigade, aangesien baie organisasies ooreenstemmende of gedeelde doelstellings het.

4.2.2.3 Gevolgtrekkings met betrekking tot betrokkenheid deur bywoning van kerklike byeenkomste

* Daar is ’n aansienlik groter mate van kerklike betrokkenheid deur die bywoning van byeenkomste as deur diens op die bestuur van kerklike organisasies.

Respondente het die grootste persentasie, naamlik 34%, toegeken aan swak bywoning van byeenkomste deur die groep. Bevredigende bywoning was die tweede hoogste persentasie, naamlik 32%.

* Die byeenkomste wat tans die beste bygewoon word, is die Pinksterbidure en eredienste.

4.2.2.4 Aanbevelings met betrekking tot kerklike betrokkenheid deur bywoning van byeenkomste

* Aangesien die erediens meer gereeld as byvoorbeeld die Pinksterbidure bygewoon word, gaan enkele aanbevelings oor die inrig van die erediens gemaak word. Dit gaan in die erediens basies om die ontmoeting tussen God en sy vergaderde gemeente. Liturgie dui op die orde van hierdie gespreksontmoeting. Dit is belangrik dat die kerkraad en veral die liturg moet leef vanuit die besef dat die jeug en dus ook die vroeë volwassene 'n wesenlike deel van die gemeente is (Nel 1986:208-210).

Jongmense en kinders, is veral sensitief vir atmosfeer. Die atmosfeer bepaal dikwels die jeug se eerste indrukke van die erediens (Nel 1986:213). Die atmosfeer tydens 'n erediens, soos by enige ander byeenkoms, is dus van kardinale belang. Die volgende word voorgestel om te help met die skep van 'n gemaklike, warm atmosfeer:

* Aanwys van parkeerplek buite die kerk en sitplekke in die kerk, veral wanneer die kerk baie vol is en mense nie maklik oop sitplekke kan sien nie;

* 'n vriendelike handdruk by die deur soos mense inbeweeg na die diens;

* 'n ruimte/plek waar mense voor of na die diens saam kan verkeer;

* dat die gewoonte gekweek word dat gemeentelede nader aan mekaar sit tydens die diens, sodat daar nie soveel oop spasies tussen mense is nie, wat dikwels 'n koue atmosfeer skep;

* vermyding van eentonige herhaling van sekere elemente, wat maklik tot verveeldheid aanleiding kan gee, byvoorbeeld die liturgie wat elke week streng eenvormig nagevolg word met weinig afwisseling;

* gebruik van simbole en die maak van simbole deur lidmate;

* gebruik van verskillende musiekinstrumente tydens aanbidding en samesang;

* sing van meer eietydse liedere (met verwysing na die bewoording en melodie) waarby die jeug aanklank vind;

* spesiale moeite met nuwe lidmate, byvoorbeeld deur opvolgbesoeke na bekendstelling in die erediens;

* geleentheid aan lidmate om deel te hê aan die beplanning en verloop van die diens, byvoorbeeld deur ’n geleentheid in die week te skeduleer waar die predikant saam met gemeentelede die diens kan bespreek en hulle insette in ag geneem kan word.

Aangesien prediking ’n baie prominente deel van die erediens vorm, gaan enkele aanbevelings in dié verband gemaak word:

* Goeie hermeneutiek wat sal help om die preek vir die jeug relevant te maak en hulle sal help om die Woord met hulle alledaagse lewe te integreer;

* dialogiese prediking wat die ruimte vir lidmate skep om op die preek te respondeer byvoorbeeld deur ’n geleentheid te skep waar mense nà of tydens die preek insette kan lewer en vrae kan stel oor wat hulle gehoor het;

* gebruik van multimedia om meer effektiewe kommunikasie van die boodskap te verseker.

### 4.2.3 <u>Gestruktureerde onderhoude</u>

#### 4.2.3.1 Gevolgtrekkings met betrekking tot bevindinge vanuit gestruktureerde onderhoude

Vraag 1

Wat was u mening oor die kerklike betrokkenheid van lidmate tussen 25-29 jaar voor en nadat u die vraelys ingevul het?

* Respondente het verskillende menings gehad oor die kerklike betrokkenheid van vroeë volwasse lidmate voor die invul van die vraelys. Twee respondente was onder die indruk dat dié groep wel kerklik betrokke is, terwyl ander ag resondente onbetrokkenheid vermoed het.

* Die voltooiing van die vraelys het ’n verandering in opinie teweeg gebring, aangesien die gegewens wat op die vraelys verstrek is op grootskaalse onbetrokkenheid van dié groep gedui het.

Vraag 2

Hoekom sê u so?

* Dit was duidelik dat gemeentes wat nie met die samelewingskonteks in gesprek tree en met die veranderinge rekening hou nie, ook daarin faal om hulle bedieningstrategieë dienooreenkomstig aan te pas.

* Die belangrikheid om rekening te hou met die unieke behoeftes van die verskillende generasies binne die geloofsgemeenskap is deur al tien respondente bevestig.

Vraag 3

Wat sou u sê is die vernaamste bedieningsbehoeftes van die lidmate?

* Die belangrikheid van die begeleidende rol van die kerk ten opsigte van relevante kwessies en lewensvrae is beklemtoon.

* Die noodsaaklikheid van verhoudings met die vroeë volwasse lidmate is deur sewe respondente bevestig.

Vraag 4

Wat dink u kan vanuit die gemeente gedoen word om die kerklike betrokkenheid van hierdie lidmate te bevorder?

* Uit die voorstelle wat gemaak is, was dit duidelik dat al tien respondente al goed nagedink het oor praktiese maniere waarop die kerk se bediening aan dié groep meer relevant en effektief gemaak kan word.

4.2.3.2 Aanbevelings na aanleiding van gegewens vanuit gestruktureerde onderhoude verkry

Vraag1

* Rekordhouding van lidmate wat belydenis van geloof aflê en hulle betrokkenheid daarna. Hierdeur kan wanpersepsies oor wie nog kerklik betrokke is of nie uitgeskakel word. Dit sal proaktiewe optrede ten opsigte van gefokusde bediening aan die vroeë volwasse lidmate aanmoedig.

Vraag 2

* Gesprekvoering met voornemende lidmate, byvoorbeeld tydens kategese, oor hoe hulle na belydenisaflegging betrokke sal wil wees;

* Skep van geleenthede tydens kategese om alreeds by organisasies van hulle keuse betrokke te raak.

* Navorsing deur gemeentes oor hoe die verandering in die samelewingskonteks hulle raak en watter aanpassings gemaak moet word om alle generasies effektief te akkommodeer.

Vraag 3

* Die inruim van gereelde geleenthede op die jaarprogram wat spesifiek op behoeftes van die vroeë volwasse lidmaat fokus.

* Die stigting van ’n groep wat uit vroeë volwassenes bestaan waar hulle mekaar kan ondersteun en kan bedien.

Vraag 4

* Gereelde byeenkomste waar vroeë volwassenes en ouer lidmate op ’n informele wyse mekaar beter kan leer ken, vertrouensverhoudings gebou kan word en lewensverhale gedeel kan word.

## 4.5 Verdere navorsing

Die navorser beveel aan dat dié studie opgevolg word deur fokusgroepgesprekke met vroeë volwasse lidmate van die onderskeie gemeentes in die VGK Ring van Wellington. Sodoende kan die redes vir kerklike betrokkenheid of onbetrokkenheid vanuit die belewingswêreld van dié groep self bepaal en dan

vergelyk word met dié wat in hierdie studie geïdentifiseer is. Dieselfde kan gebeur met voorstelle oor ’n meer effektiewe bediening van die vroeë volwasse lidmate binne die opset van die plaaslike gemeente.

### 4.4 Slot

Die literatuurstudie het aangetoon dat daar internasionaal ’n tendens van kerklike onbetrokkenheid van vroeë volwasse lidmate bestaan. Hierdie tendens is bevestig deur die empiriese ondersoek in die VGK Ring van Wellington soos in hierdie studie gedoen.

Die geloofsgemeenskap het baie om aan vroeë volwasse lidmate te bied, onder meer ’n ryk geestelike erfenis. Die kerk het ook die boodskap wat hoop kan bied aan die soekende vroeë volwassene. Die vroeë volwasse lidmaat het egter net so baie om te bied, onder meer energie en kreatiwiteit (Bagley 1988:49). Hulle beskik dus oor die potensiaal om ’n unieke bydrae tot die gemeente te maak.

Net soos die besigheidswêreld geleer het om te respondeer op die behoeftes van die tyd, word geestelike leiers ook uitgedaag om te respondeer op die behoeftes van die vroeë volwasse lidmate. Indien geestelike leiers, en dus die kerk, met baie ander dinge besig is, maar nie tyd maak vir die volgende volwasse generasie nie, sal die kerk binnekort niks hê om mee besig te wees nie. Lidmaatgetalle sal toenemend afneem indien daar nie indringende aandag geskenk word aan die behoeftes van jong lidmate nie (O’ Brien 1998: 34-36).

Die kerk word dus uitgedaag om die ruimte te wees waarin die snel veranderende en veranderingsoekende jeug (vroeë volwassenes) hulle werklik tuis sal voel.

# BIBLIOGRAFIE

Babbie, E & Mouton, J 2001. **The Practice of Social Research.** Kaapstad: Oxford University Press. Suid-Afrikaanse uitgawe.

Babin, P 1991. **The New Era in Religious Communication.** Minneapolis: Augsburg.

Bibby, R W & Posterski, D C 1992. **Teen Trends. A Nation in Motion.** Toronto: Stoddert.

Bagley, R M 1988. Young Adults and Young Adult Ministry. *Church,* Vol. 88: 47-49.

Burger, C 1995. **Gemeentes in transito: Vernuwingsgeleenthede in 'n oorgangstyd.** Kaapstad: Lux Verbi.

Burger, C 1999. **Gemeentes in die kragveld van die Gees.** Stellenboch: Lux Verbi.

Burger, C 2001. **Ons weet aan wie ons behoort: Nuut gedink oor ons gereformeerde tradisie.** Wellington: Lux Verbi.

Blaike, N 2000. **Designing Social Research.** Cambridge: Polity Press.

Codrington, C 2002. **Multi-Generational Ministries in the Context of the Local Church.** Ongepubliseerde M Diac-skripsie.

Cochrane, J R, de Gruchy J W & Petersen R 1991. **In Word and Deed.** Pietermaritzburg: Cluster Publications.

Cusick, J C & De Vries K F 1998**.** A New Age in the Church: Young Adults. *New Theology Review,* Vol. 11(1): 6-11.

Dissel, A 1997. Youth, Street Gangs and Violence in South Africa. In:*Youth, Street Culture and Urban Violence in African proceedings of The International Symposium held in Abijan, Ivory Coast*, 5-7 May 1977. 405-411 (Centre for the Study of Violence and Reconciliation).

De Klerk , J J ea 1979. **Evangelistiek.** Pretoria: NG Kerkboekhandel.

De Vos, A S (ed) 2002. **Research at Grass Roots: For the Social Sciences and Human Service Professions.** Pretoria: Van Schaik.

Downs, P G 1994. **Teaching For Spiritual Growth – An Introduction to Christian Education.** Michigan: Zondervan Publishing House.

Durkin, M G 1983. A search for Healing: Salvation and Young Adults.*Chicago Studies*. Vol. 22(3): 307-318.

Du Toit, B 2000. **God? Geloof in ’n postmoderne tyd.** Bloemfontein: CLF-Uitgewers.

Finnegan, R 1989. **The Hidden Musicians: Music-making in an English Town.** Cambridge: Cambridge University Press.

Francis, L J et al 1995. **Fast Moving Currents in Youth Culture.** Oxford: Lynx Communications.

Firet, J 1975. Op weg naar theologische existensie**.** *Praktische Theologie* 3, 339-349.

Firet, J 1977. **Het agogisch moment in het pastoraal optreden.** Kampen: Kok.

Gribbon, R T 1993. **Developing Faith in Young Adults: Effective Ministry with 18-35 Year Olds.** New York: Alban Institute.

Groenewald, J P 1988. **Maatskaplike navorsing: Ontwerp en ontleding.** Pretoria: Academica.

Hadaway, C K 1990. **What Can We do about Church Dropouts?** Nashville: Abingdon Press.

Hahn, T & Verhaagen, D 1996. **Reckless Hope: Understanding and Reaching Baby Busters.** Grand Rapids: Baker Books.

Hahn, T & Verhaagen, D 1998. **Genxers after God: Helping a Generation Pursue Jesus.** Grand Rapids: Baker Books.

Hamber, B 1999. **"Have no Doubt it is Fear in the Land". An Exploration of the Continuous Cycle of Violence in South Africa.** Seminar No 3. 1999, Centre for the Study of Violence and Reconciliation: Johannesburg.

Hanekom, A R & Hendriks, H J 1996. Belydenisaflegging as oorgangsritueel. *Ned Geref Teologiese Tydskrif*, 37 (4) Desember1996: 642-651. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.

Heitink, G 1993. **Praktische Teologie.** Kampen: Kok.

Heitink, G 1999. Practical Theology: An Empirical-orientated Approach, in Schweitzer F & Van der Ven J A (eds). **Practical Theology – International Perspectives.** Frankfurt am Main: Peter Lang, 265-272.

Hersey, T 1986. **Young Adult Ministry: Step-by-step Help for Revitilizing Your Ministry with People Aged 18-35.** Loveland: Group Books.

Heyns, L M & Pieterse, H J C 1994. **Eerste treë in Praktiese Teologie.** Pretoria: Gnosis Boeke.

Kujawa, S A 1998. **Disorganized Religion: The Evangelization of Youth and Young Adults.** Canada: Cowley Publications.

Louw, D A 1994. **Menslike ontwikkeling.** Pretoria: HAUM-Tersiêr.

Louw, D A 1998. **Pastoraat as vertolking en ontmoeting: Teologiese ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie.** Kaapstad: Lux Verbi.

Meyer, W, Moore, C & Viljoen, H 1998. **Persoonlikheidsteorieë: Van Freud tot Frankl.** Johannesburg: Lexicon.

Mokwena, S 1991. **The Era of Jackrollers: Contextualising the Rise of Youth Gangs in Soweto.** Seminar No 7, 1991 (CSVR).

Mouton, J & Marais, H C 1990. **Basiese begrippe: Metodologie van geesteswetenskappe.** Pretoria: RGN-Uitgewers.

Mouton, J 2002. **Understanding Social Research.** Pretoria: Van Schaik Publishers.

Nel, M 1986. **Jeug en evangelie.** Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Nel, M 1998. **Jeugbediening: 'n Inklusiewe gemeentelike benadering.** Pretoria: RGN Uitgewery.

Nel, A 2003. **Op soek na God… buite die kerk?** Wellington: Lux Verbi.

Niebuhr, H R 1963. **The Responsible Self: An Essay on Christian Moral Philosophy.** San Francisco: Harper & Row.

O' Brien, M 1998. The Spirituality of Young Adults: Handle with Care**.** *New Theology Review.*Vol. 11 (1): 32-40.

Osmer, R R 1992. **Teaching for Faith: A Guide for Teachers of Adult Classes.** Kentucky: John Knox Press.

Osmer, R R 1996. **Confirmation: Presbyterian Practices in Ecumenical Perspective.** Louisville: Geneva Press.

Pieterse, H J C 1993. **Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie** Pretoria: ORC.

Pieterse, H J C & Dreyer, J 1995. The Methodology of Practical Theology and the Public Good**.** *Journal of Theology for Southern Africa.* Vol.90: 31-40.

Prins, J M G 1997. **Postmoderniteit en jeugbediening: Enkele aspekte van 'n paradigmaverskuiwing en die implikasies daarvan vir die kerklike jeugbediening. Ongepubliseerde referaat.** Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie 1997.

Richter, P & Francis, L J 1998. **Gone but not Forgotten: Church Leaving and Returning.** London: Darton, Longman and Todd.

Roxburgh, A 1993. **Reaching a New Generation.** Downers Grove, Illinois: Intervarsity Press.

Shawchuck, N & Heuser, R 1993. **Leading the Congregation. Caring for Yourself while Serving Others.** Nashville: Abingdon.

Senter III, M 1992. **The Coming Revolution in Youth Ministry and its Radical Impact on the Church.** Wheaton: Victor.

Slabbert, F van Z et al 1994. **Youth in a New South Africa. Towards Policy Formulation.** Pretoria: HSRC.

Snyman, T M 1991. Die einddoel van kategese. *Ned Geref Teologiese Tydskrif*, 37(1) Maart1991: 136-142. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.

Van der Ven, J A 1999. An Empirical Approach in Practical Theology, in Schweitzer, F & Van der Ven, J A (eds). **Practical Theology – International Perspectives.** Frankfurt am Main: Peter Lang, 323-324.

Wrightsman, L S 1994. **Adult Personality Development.** California: Sage Publications.

## ANDER

Greyling, C 2003. **Churches Channels of Hope: Facilitator Manual**. CABSA: Christian Aids Buro. Wellington: Hugenote Kollege.

Hendriks, H J 1995. **Modernisme en die einde van 'n era.** c:/p/ modern-p. doc.

**Kerkorde en Reglemente van die Algemene Sinode van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika**. 2000. Bloemfontein. CLF-Uitgewers.

Kitching, D 2002. **Globalization: Challenges Youth Ministry and the Church Face in South Africa – Balancing the Pros and Cons.** Unpublished paper. Paarl.

Statistics South Africa. 26 March 2003. **Marriages and Divorces 1999 and 2000.** http://www.statssov.za.

Codrington, G. **Defining Characteristics of Generation X.** http:/ tomorrowtoday.biz/generations/paper1010.htm 9 Julie 2002.

Youth 2000: **A National Study of Youth in South Africa.** http://www.director@case.organ.za/htm/yo2000.htm